## Graad R-taalverbeteringsprogram

# Taalkonsepgids




**Afrikaans**

Concept Guide_AFRIKAANS.indd 1 2021/11/29 05:58

Hierdie Taalkonsepgids is gelisensieer onder ’n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

Hierdie lisensie laat hergebruikers toe om die materiaal in enige medium of formaat vir nie-kommersiële doeleindes alleenlik te versprei, te vermeng, aan te pas en uit te brei, en dan slegs indien erkenning aan die skepper daarvan gegee word. Indien die materiaal vermeng, aangepas of uitgebrei word, moet die gewysigde materiaal ingevolge identiese voorwaardes gelisensieer word.

Vertaling- en publikasieprojekbestuur: Ingrid Brink

Vertalingskoördineerder: Ingrid Brink

Vertaling en verwerking: Laetitia Bedeker

Redigering en proeflees: Ilse von Zeuner

Illustrasies: Jiggs Snaddon-Wood

Ontwerp: Jacqui Botha

Setwerk: Lisa Borman van Intheworx Designs

Concept Guide_AFRIKAANS.indd 2 2021/11/29 05:58

# Inhoud

Voorwoord van die Departementshoof........ 5

Hoe om die Taalkonsepgids te gebruik ........ 6

**AFDELING 1 Die Graad R-taalverbeteringsprogram**

Inleiding ........ 8

Taalprogram-hulpbronne........ 11

Hoe om elke dag vir 'n Fokus op Taal te beplan........ 12

Hoe om jou klaskamer vir die daaglikse Fokus op Taal te organiseer ........ 14

Hoe om vir 'n tweeweek-aktiwiteitsiklus te beplan........ 16

Hoe om leerders se vordering in Graad R te assesseer ........ 18

Programaktiwiteite is in lyn met die KABV........ 20

**AFDELING 2 Leidende beginsels van onderrig en leer in Graad R**

Agt beginsels van onderrig en leer ........ 22

Perseptuele en motoriese ontwikkeling ........ 37

**AFDELING 3 Die onderrig van taal en ontluikende geletterdheid in Graad R**

Luister en praat (mondelinge taal)........ 42

Lees en skryf........ 46

Letters en klanke ........ 49

Bronnelys en bykomende leesstof ........ 52

Concept Guide_AFRIKAANS.indd 4 2021/11/29 05:58

# ★ Voorwoord van die Departementshoof

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER

Dear Teacher/Practitioner

Welcome to the training of the Grade R teachers/practitioners. The Gauteng Department of Education (GDE) has prioritized Early Childhood Development as its Strategic Goal 1. This is to ensure that we can lay a solid foundation and seamless transitioning of learners to Grade 1.

The Grade R Mathematics and Language Improvement Project has been developed to provide the much-needed classroom based support for the Grade R teachers/practitioners in Gauteng. It is about classroom practices with exciting techniques and methodology most appropriate for Grade R Teaching and Learning. This is in response to a study that reported that 65% of children across South Africa have not mastered the skills required to be able to succeed in Literacy and Numeracy when entering Grade 1. This project is intended to support the Grade R practitioners/teachers to address this challenge.

The Department's expectation is that you are ready to learn and be a more empowered Grade R teacher/practitioner. Your commitment to the training process and thereafter the implementation of lessons learnt in your classroom will contribute to the improvement of Grade R learner readiness for Grade 1.

We trust that this intervention will help enhance your potential, innovation and creativity as you lay an important foundation for learning of our children. This project would not have been possible without the support of our partners. The GDE is grateful for the support of the GEDT, Zenex Foundation and USAID who contributed to this initiative.

I trust you will learn a great deal from this training programme and improve the learning experience of the young children in your care.

Yours Sincerely

**MR EDWARD MOSUWE**
**HEAD OF DEPARTMENT**
**DATE:** 3/6/2020



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 5 2021/11/29 05:58

# Hoe om die Taalkonsepgids te gebruik

Die Taalkonsepgids is in drie afdelings verdeel wat in enige volgorde gelees kan word, aangesien al drie afdelings by mekaar aansluit. Ons moedig jou aan om deurgaans tydens jou opleiding in die program na hierdie gids te verwys, en om daarna ook weer deur die verskillende afdelings te lees. Jy sal vind dat jou begrip van die inhoud telkens sal verdiep wanneer jy weer deur die inhoud lees, en dat dit jou benadering tot die onderrig van die jong leerders in jou klaskamer sal rig. Hierdie dubbelbladsy gee 'n opsomming van elke afdeling in die gids en ook verwysings na die bladsye waar jy meer oor elk kan lees.

bladsy 8

## Afdeling 1:
## Die Graad R-taalverbeteringsprogram

*Hierdie afdeling bespreek* ***agt kenmerke*** *van die Taalverbeteringsprogram wat vir die GDO ontwikkel is om die onderrig van taal en geletterdheid in Graad R te versterk.*

- Die program neem leerders op 'n reis van gesproke na geskrewe taal.
- Die program is hulpbrongebaseerd en gee leerders toegang tot opwindende materiale.
- Die program verg 50 minute se daaglikse gefokusde taalonderrigtyd.
- Die program bied heleklas- en kleingroep-aktiwiteite vir elke dag.
- Die aktiwiteite vir 'n tweeweek-siklus van onderrig is op grond van 'n storie ontwerp.
- Die aktiwiteite vir die jaar is volgens 19 tweeweek-siklusse beplan.
- Die aktiwiteite bied geleenthede vir leerders om al die KABV-taalvaardighede te ontwikkel.
- Die aktiwiteite stel jou in staat om leerders se vordering waar te neem, en kontrolelyste en rubrieke word voorsien vir deurlopende assessering.



## Ontmoet vir Stella

Jy sal sien dat daar deurgaans 'n onderwyser in hierdie *Konsepgids* teenwoordig is. Sy sal jou geselskap hou op jou leerreis en sal dikwels raad gee op grond van haar jare lange ervaring in die Graad R-klaskamer. Sy het 'n spesiale naam wat van die Engels afgelei is:

**S**trengthening the **T**eaching of **E**arly **L**anguage and **L**iteracy for **A**ll.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 6 2021/11/29 05:58

bladsy 22

## Afdeling 2:
## Leidende beginsels van onderrig en leer in Graad R

*Hierdie afdeling bied 'n bespreking van* ***agt beginsels*** *wat die ontwerp van die Graad R-taalverbeteringsprogram gerig het en wat na ons mening jou onderrig sal lei.*

- *Die konteksbeginsel.* Leer vind plaas in sinvolle en gepaste situasies.
- *Die aktiwiteitsbeginsel.* Leerders behoort direk by die leer–onderrig-proses betrokke te wees.
- *Die spelbeginsel.* Kinders leer die beste tydens aktiwiteite wat vryspel en gerigte spel behels.
- *Die vlak-beginsel.* Leerders gaan deur verskeie vlakke van begrip en ontwikkeling.
- *Die interaksiebeginsel.* Leer vind plaas wanneer daar kommunikasie is en idees gedeel word.
- *Die leidingsbeginsel.* Leer vind plaas wanneer onderwysers leerders lei om nuwe kennis te ontwikkel.
- *Die inklusiwiteitsbeginsel.* Leer vind plaas in 'n omgewing waar almal welkom voel, ingesluit word, regverdig behandel en gerespekteer word, en kan deelneem.
- *Die oefenbeginsel.* Leer word versterk deur nuwe kennis en vaardighede te oefen.

*Hierdie afdeling fokus ook op die grondliggende belang van perseptuele en motoriese ontwikkeling vir die aanleer van taal, met 'n klem op visuele, ouditiewe, taktiele en kinestetiese persepsie.*

bladsy 42

## Afdeling 3:
## Die onderrig van taal en ontluikende geletterdheid in Graad R

*Hierdie afdeling verduidelik hoe jong kinders leer om te lees en skryf en wys hoe die program op hierdie begrip voortbou. Die volgende* ***punte*** *som hierdie denke op.*

- Om te leer lees en skryf, is nie iets wat oornag gebeur nie. Dit is 'n proses wat jare neem. Ons noem dit ontluikende lees en skryf.
- Sonder goeie mondelinge taalvaardighede sal jong leerders moontlik sukkel om te leer lees en skryf.
- 'n Ryk en breë woordeskat is belangrik vir geletterdheidsontwikkeling en leerders moet nuwe woorde talle kere in verskillende omstandighede teëkom om dit aan te leer.
- *Boektaal* is uiters noodsaaklik vir geletterdheid. Hierdie soort taal word in stories gebruik en wanneer ons oor abstrakte dinge, soos gedagtes, gevoelens en gebeure in 'n ander plek en tyd, praat.
- Deur rolspel, voorgee-spel en die vertel en oorvertel van stories ontwikkel leerders hul begrip van karakters, konteks en die volgorde van gebeure. Dit is 'n belangrike grondslag vir lees, begrip en skryf.
- Deur interaktiewe besprekings kry leerders die geleentheid om oop vrae te vra en te beantwoord. Dit moedig hulle aan om goed oor hul eie idees en menings na te dink en om dit te deel.
- Leerders wat volwassenes sien lees en skryf, word geïnspireer om self te lees en te skryf, want hulle leer dat die merke wat hulle op papier maak 'n boodskap kan bevat en betekenis het.
- Leerders begin gewoonlik "lees" sonder om werklike woorde te lees, en om te "skryf" sonder om woorde reg te skryf. Dit is 'n baie belangrike vaardigheid op hul geletterdheidsreis.
- Om vaardige lesers te word, moet leerders die alfabetbeginsel verstaan – dat daar 'n verband is tussen die letters wat hulle op 'n bladsy sien en die klanke wat hulle in woorde hoor.
- Fonologiese bewustheid en letter–klank-kennis tel onder die beste voorspellers dat leerders suksesvol sal leer lees en skryf.




Concept Guide_AFRIKAANS.indd 7 2021/11/29 05:58

# Afdeling 1: Die Graad R-taalverbeteringsprogram

## Inleiding

Het jy al ooit nagedink oor wanneer leerders begin lees en skryf? In hierdie inleiding kyk ons na hierdie belangrike saak.

### Vroeë leer is uiters noodsaaklik



Ons weet onderwysers speel 'n baie belangrike rol, maar sal dit jou verbaas om te hoor dat die proses om te leer lees en skryf, begin lank voor 'n kind in 'n Graad R-klaskamer beland? Vroeë leer begin van geboorte af en, tesame met sosiale en emosionele vaardighede, word taal aangeleer wanneer die kind interaksie met familielede, vriende en onderwysers het. Dit bied die grondslag vir die kind se lewenslange leer en ook vir die skool se fokus op vaardighede soos luister, praat, skryf en lees, wat verder deur die onderwyser ontwikkel word. Leerders wat suksesvol leer lees en skryf, het nie net goeie onderwysers nie, maar is ook gewoonlik diegene wat die voordeel van noodsaaklike vroeëleer-ervarings van geboorte tot ses jaar gehad het.

### Luister en praat

Navorsing toon dat vaardige lees en skryf van mondelinge (reseptiewe en ekspressiewe) taalvermoëns afhang, wat van die vroegste dae in 'n kind se lewe reeds begin ontwikkel. Deur koesterende verhoudings word noodsaaklike breinverbindings gevorm wat 'n kind se taalontwikkeling van geboorte af ondersteun. Kinders se taal ontwikkel namate versorgers en onderwysers met hulle praat, verduidelik wat woorde beteken, hul belangstellings volg, vrae vra en beantwoord, en boeke en stories oor alledaagse gebeure deel. Ons weet dat kinders wat in hierdie soort taalryke omgewings grootword, 'n beter woordeskat het en waarskynlik beter sal vaar met leesbegrip teen die ouderdom van nege jaar. Wie sou kon dink dat om met kinders te praat, een van die grootste geskenke is wat ons kan gee?




Onderwysers van jong leerders speel ook 'n baie belangrike rol in die ontwikkeling van jong leerders se mondelinge taal. Dit beteken nie formele onderrig nie! Onderwysers kan dit doen deur stories en boeke te deel, teken en ontluikende skryf aan te moedig, en mondelinge taal te ontwikkel deur verduidelikings te gee, nuwe woorde bekend te stel en leerders aan te moedig om vrae te vra en te beantwoord.

### Vroeë skryf

Buiten dat kinders taal in hul vroeë jare moet hoor en gebruik, moet hulle ook van drukwerk leer. Geskrewe taal verskil van gesproke taal, en dit is 'n groot stap vir leerders om te verstaan dat skryf inderwaarheid spraak is wat neergeskryf word. Deur drukwerk in die omgewing, soos tekens, name en etikette vir hulle uit te wys, begin leerders sien dat skrif 'n doel het.

Wanneer leerders toegang het tot papier en vetkryte, en ons hulle aanmoedig om merke te maak, te teken en te krabbel, sal hulle die selfvertroue ontwikkel om te probeer om hul idees uit te druk deur te teken en te "skryf". Ons noem leerders se heel vroegste pogings om te skryf "ontluikende skryf", want dit lyk nog nie soos volwassenes se skryfwerk nie – hulle skryf nie op die lyne nie, hulle vermeng letters, getalle en prente, en hulle maak hul eie spelling op! Dit is 'n normale ontwikkelingsfase. Om te leer skryf, is 'n proses, en soos met enige nuwe vaardigheid, verg dit tyd, oefening en baie aanmoediging voordat dit bemeester word.



### Vroeë lees

Wanneer kinders sien hoe volwassenes lees en skryf, leer hulle dat die merke op papier 'n boodskap en 'n betekenis het. Hulle leer hoe boeke werk, en word betower deur die stories van verskillende mense en plekke.

As daar volwassenes in hul lewens is wat saam met hulle lees, leer hulle om lees met warm verhoudings vol vertroue te assosieer, en dit gee hulle die selfvertroue om self te probeer lees. Jong leerders lees moontlik nog nie akkuraat nie en hulle "lees" dalk uit hul kop of maak stories op wat by prente pas. Met verloop van tyd sal hulle begin om meer op gedrukte letters en woorde te fokus, en sal dan meer akkuraat begin lees.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 8 2021/11/29 05:58

## Leer van letters en klanke





Om te leer lees en skryf, moet jong leerders verstaan dat die merke wat hulle op 'n bladsy sien inderwaarheid ons spraak is wat neergeskryf is! Dit is 'n groot stap vir jong leerders, want dit beteken hulle moet bewus raak van die klanke van gesproke woorde en ook om hierdie klanke met lettersimbole in verband te bring. Deur lettergrepe te klap en luisterspeletjies soos "Ek sien met my klein ogie" te speel, raak leerders bewus van klanke in woorde. Letters kan bekendgestel word deurdat leerders hul name skryf, letters in die sandput skryf, letters met verf skryf of letters met speeldeeg maak. Al hierdie prettige aktiwiteite lyk dalk nie so toepaslik op die ernstige saak van leer lees en skryf nie, maar dit is deur hierdie ervarings wat leerders die wêreld van geletterdheid betree.

## Omgewings ryk aan taal en drukwerk

Kinders wat grootword in huise en voorskoolse omgewings wat ryk is aan taal en drukwerk sal waarskynlik met 'n breë en grondige woordeskat begin skoolgaan. Hulle sal verstaan wat woorde beteken en sal die taal wat hulle reeds ken, kan gebruik om te verstaan wanneer mense praat of hardop lees, en só leer hulle nuwe taal en idees. Hulle sal vertroud wees met letters en klanke wanneer hulle begin skoolgaan en sal verstaan dat drukwerk spraak is wat neergeskryf is. Dit beteken dat hulle basiese tekste vroeg in Graad 1 sal bemeester en vinnig na langer en ingewikkelder tekste sal kan vorder, wat hulle aan nuwe woorde en idees sal blootstel. Hoe meer hulle lees, hoe vlotter sal hulle lees, en hoe meer sal hul taal ontwikkel en hulle sodoende in staat stel om met toenemend ingewikkelde tekste te werk. Hulle is op pad na leessukses.

## 'n Siklus van sukses






Concept Guide_AFRIKAANS.indd 9 2021/11/29 05:59

Ongelukkig kry baie min kinders in Suid-Afrika die vroeë leerervarings wat hulle op hierdie pad na leessukses plaas. Jy wonder dalk of dit te laat is om hierdie taalvaardighede in Graad R te ontwikkel. Ons glo nie dit is te laat nie. As Graad R-onderwysers hulle verbind tot daaglikse verskaffing van 'n ryk taalervaring aan leerders kan dit 'n aanmerklike verskil aan hul leersukses maak. Dít is waarvoor die **Graad R-taalverbeteringsprogram** ontwerp is!

Kyk hier onder wat Stella oor die program te sê het en leer meer op die bladsye wat volg.



## 'n Reis van gesproke na geskrewe taal ...

Die Graad R-taalverbeteringsprogram is ontwikkel om aan Graad R-leerders ervarings te bied wat vroeë taal- en geletterdheidsontwikkeling ondersteun. Deur stories te gebruik, neem die program leerders op 'n reis van gesproke na geskrewe taal. Elke nuwe storie vorm die grondslag van twee weke se onderrig-, leer- en assesseringsaktiwiteite.



Die leerders se eerste kennismaking met die storie is wanneer die onderwyser vir hulle die storie met handpoppe en ander rekwisiete vertel om die karakters lewend te maak. Nadat hulle na die storie geluister het, kry leerders 'n kans om 'n liedjie te sing wat met die storie verband hou. Liedjies is 'n wonderlike manier om taalvaardighede te ontwikkel, en party leerders sal dit makliker vind om nuwe taal deur melodie, rym en ritme te onthou. Nadat hulle gesing het, rolspeel leerders die storie terwyl dit vertel word. Dit bied hulle 'n kans om deel te neem aan die vertel van die storie op 'n aktiewe manier en om die woorde en frases van die verskillende karakters te gebruik. Dit verg ook van hulle om oor storievolgorde na te dink – dit wat volgende gebeur.

Om voort te bou op die mondelinge vertelling van die storie, die sang, rolspel en opeenvolging van gebeure, kry leerders dan 'n kans om hul gunstelingdeel van die storie te teken en hul eerste pogings aan te wend om hul idees neer te skryf (selfs al is dit net krabbels). Hulle sien ook hoe skryf werk en hoe hul idees neergeskryf kan word wanneer jy wys hoe 'n teks vir 'n doel geskryf word ('n brief, 'n lys, 'n liedjie). Hierdie aktiwiteit begin met ryk besprekings en die deel van idees, met soveel leerders as moontlik wat bydra.

Wanneer jy vir hulle die skryfproses demonstreer deur die leerders se woorde en idees te gebruik, sien hulle dat ons ons woorde kan neerskryf. Dit sal hulle die selfvertroue gee om self te probeer skryf – selfs al begin hulle met krabbels en versinde letters! Buiten die kans om die tekste te lees wat hulle saam met jou geskryf het, sal leerders nog 'n geleentheid kry om te sien hoe lees werk wanneer hulle klein boekies maak om huis toe te neem, en wanneer jy in die tweede week vir hulle die Groot Boek voorlees. Hier sal hulle dieselfde bekende storie teëkom, maar in drukvorm.



Benewens die storiegebaseerde aktiwiteite wat leerders se luister-, praat-, lees-, kyk- en skryfvermoëns ontwikkel, bevat die program talle prettige, ouderdomsgeskikte maniere om leerders se letterkennis te ontwikkel. Navorsing toon dat kinders wat iets weet van letters en die klanke wat hulle maak, waarskynlik makliker sal leer lees en skryf as kinders met beperkte letter–klank-kennis. Ons stel egter nie voor dat leerders in Graad R op 'n formele manier van letters geleer moet word nie. Leerders leer die beste wanneer iets vir hulle betekenis het, daarom word letters en klanke aan stories gekoppel – en aan nuwe woorde, prente en voorwerpe. Leerders leer van taal terwyl hul letterkennis ontwikkel.

Navorsing toon ook dat dit belangrik is dat kinders bewus raak van klanke in gesproke taal (fonologiese bewustheid). As kinders nie leer om aandag aan klanke in gesproke taal te gee nie, sal hulle moontlik weet wat hulle wil skryf, maar nie die klanke in woorde kan hoor om dit neer te kan skryf nie. Die letter- en klankafdeling van die program bevat talle mondelinge aktiwiteite wat leerders help om hierdie bewustheid te ontwikkel.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 10 2021/11/29 05:59

# Taalprogram-hulpbronne

Onderwysers wat die Taalprogram gebruik, sal etlike hulpbronne van goeie gehalte tydens hul opleiding ontvang.

- **Gidse**

Die Taalkonsepgids




*Onderwysers sal deur die hele onderrigjaar na hierdie gids verwys om hulself aan kernidees te herinner.*

Vier Taalaktiwiteitsgidse




*Die Taalaktiwiteitsgids vir elke kwartaal stel nuwe stories, liedjies, woordeskat en aktiwiteite bekend, tesame met nuwe letters en klanke wat leerders sal leer.*

- **Negentien storiepakke**

Elke storiepak word vir 'n tweeweek-onderrigsiklus gebruik en bevat hulpbronne om leerders verskillende ervarings van die storie te bied:

- Uitdruk-handpoppe van karakters op karton



*Onderwysers gebruik die handpoppe en ander rekwisiete om die storie te vertel. Die handpoppe word dan ook weer deur die leerders gebruik.*

- 'n Stel opeenvolgende prentkaarte



*Leerders ervaar eers die storie in twee dimensies deur die opeenvolgende prente.*

- 'n Groot Boek met eenvoudige teks




*Die Groot Boek bevat soortgelyke illustrasies as die opeenvolgende prente, en stel gedrukte woorde bekend om die storie te vertel.*

- 'n Volkleur **Hulpbronpak** wat bordspeletjies en kleur-aktiwiteitsbladsye insluit



- **Hulpbronne om leer by die huis te ondersteun**

Onderwysers kan nie taalgrondslae sonder ouers se hulp bou nie. Met hierdie hulpbronne tot hul beskikking, kan ouers ingelig en geïnspireer voel om hul kind se geletterdheidsreis tuis te ondersteun.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 11 2021/11/29 05:59

# Hoe om elke dag vir 'n Fokus op Taal te beplan

**DAAGLIKSE PROGRAM VIR GRAAD R**

| Tydriglyne | |
|---|---|
| | **AANKOMS en VRYSPEL** |
| 20 | GROETTYD, REGISTER, WEERKAART, NUUS, WYS-EN-VERTEL, VERJAARDAE<br>Taal, Wiskunde, Lewensvaardighede |
| 50 | **FOKUS op WISKUNDE**<br>Heleklas- en kleingroep-aktiwiteite |
| 26 | **VRYSPEL en OPRUIM BINNE** |
| 40 | **FOKUS op LEWENSVAARDIGHEDE**<br>Heleklas- en kleingroep-aktiwiteite |
| 10 | **TOILETROETINE** Taal, Wiskunde, Lewensvaardighede |
| 20 | **VERVERSINGS** Taal, Wiskunde, Lewensvaardighede |
| 30 | **VRYSPEL en OPRUIM BUITE** |
| 10 | **TOILETROETINE** Taal, Wiskunde, Lewensvaardighede |
| 50 | **FOKUS op TAAL**<br>Heleklas- en kleingroep-aktiwiteite |
| 20 | **DAAGLIKSE STORIE** |
| | RUS-/STILTETYD |
| | VERTREK |

VRYSPEL en OPRUIM BINNE:
FANTASIESPEL
ROLSPEL
KONSTRUKSIESPEL
BLOKKE
OPVOEDKUNDIGE SPEELGOED
PERSEPTUELE SPELETJIES
LEGKAARTE
BOEKHOEKIE
STILTETYD

VRYSPEL en OPRUIM BUITE:
BALLE
WATERSPEL
SANDSPEL
ROLSPEL
BEWEGINGSPELETJIES
OPVOEDKUNDIGE SPEELGOED
SWAAIE
SPEELGOED MET WIELE
KLIMRAAM
MOTORBANDE

**WISKUNDE**
**(1 uur 24 min.)**

**FOKUSTYD**
**50 minute per dag**
Getalle, Bewerkings en Verwantskappe
Patrone, Funksies en Algebra
Ruimte en Vorm (Meetkunde)
Meting
Datahantering

**PLUS INTEGRASIE:**
**34 minute per dag**
Gebruik geleenthede tydens ander fokustye asook tydens binne-/buitevryspel, groettyd en toilet- en verversingsroetines.

**LEWENSVAARDIGHEDE**
**(1 uur 12 min.)**

**FOKUSTYD:**
**40 minute per dag**
Persoonlike en Sosiale Welsyn
Aanvangskennis
Skeppende Kunste
Liggaamsopvoeding

**PLUS INTEGRASIE:**
**32 minute per dag**
Gebruik geleenthede tydens ander fokustye asook tydens binne-/buitevryspel, groettyd en toilet- en verversingsroetines.

**TAAL**
**(2 uur)**

**FOKUSTYD:**
**50 minute per dag**
Luister en Praat
Ontluikende Lees
Fonologiese en Fonemiese bewustheid
Ontluikende Skryf
Ontluikende Handskrif

**PLUS INTEGRASIE:**
**70 minute per dag**
Wys-en-vertel (10 minute)
Daaglikse storie (20 minute)
Vir die oorblywende 40 minute, gebruik geleenthede tydens ander fokustye asook tydens binne-/buitevryspel, groettyd en toilet- en verversingsroetines.

Gauteng Daaglikse program vir Graad R gebaseer op KABV

*Sien die volgende bladsye vir die beplanning van aktiwiteite vir die 50 minute se Fokus op Taal.*



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 12 2021/11/29 05:59

**FOKUS OP TAAL**
50 minute heleklas- en kleingroep-aktiwiteite

**HELEKLAS-AKTIWITEITE**
(deur die onderwyser gelei)
25 minute

**KLEINGROEP-AKTIWITEITE**
(deur die onderwyser opgestel)
25 minute

Storiegebaseerde aktiwiteite

Letter- en klankaktiwiteite




Stapsgewyse leiding vir heleklas- en kleingroep-aktiwiteite word in die Aktiwiteitsgidse vir elke kwartaal uiteengesit.

**AKTIWITEIT 1**
Teken en ontluikende skryf
*(onderwysergerig in Week 1)*



**AKTIWITEIT 2**
Legkaarte en speletjies
*(onderwysergerig in Week 2)*



**AKTIWITEIT 3**
Selfstandige lees



**AKTIWITEIT 4**
Fynmotoriese vaardighede en handskrif



**AKTIWITEIT 5**
Voorgee-spel






Concept Guide_AFRIKAANS.indd 13 2021/11/29 05:59

# Hoe om jou klaskamer vir die daaglikse Fokus op Taal te organiseer

Soos ons gesien het, moet die taalfokustyd georganiseer word om voorsiening te maak vir daaglikse heleklas- en kleingroep-aktiwiteite. Stapsgewyse leiding vir die taalaktiwiteite word in die Aktiwiteitsgidse vir elke kwartaal uiteengesit. Ons fokus hier op hoe jy heleklas- asook kleingroep-aktiwiteite kan onderrig om aan leerders verskillende ervarings te bied en om verskillende leerdoelwitte te bereik.

## Heleklas-aktiwiteite

Al die leerders sit by hul tafels, of in ’n kring op die mat, terwyl die onderwyser:

- ’n storie, vaardigheid of konsep bekendstel/uitbrei/versterk
- ’n bespreking lei waarby al die leerders betrokke is
- ’n aktiwiteit lei waarby al die leerders betrokke is.

Aan die einde van die heleklas-aktiwiteit verduidelik die onderwyser elke kleingroep-aktiwiteit voordat die leerders terug na hul plekke gestuur word.

## Kleingroep-aktiwiteite

In die loop van die vyf dae roteer elke groep elke dag na ’n ander aktiwiteit. Dit beteken dat alle leerders in ’n week die geleentheid kry om aan vyf kleingroep-taalaktiwiteite deel te neem – die onderwysergerigte aktiwiteit asook vier ander groepsaktiwiteite.

- Vyf kleingroep-aktiwiteite word deur die onderwyser beplan.
- Hulpbronne en toerusting vir al vyf aktiwiteite word elke dag uitgepak.
- Aktiwiteite word op tafels, op die mat, in aktiwiteitshoekies of buite opgestel.
- Een leerdergroep werk met die onderwyser (onderwysergerigte aktiwiteit).
- Die ander vier leerdergroepe werk meer selfstandig.



### In die klaskamer …

**Hoe om leerders te groepeer**

- Leerders word gewoonlik in vyf groepe verdeel. (As jou klasgrootte ’n sesde groep verg, kan jy dieselfde aktiwiteit aan twee groepe toewys.)
- Elke groep moet hul eie naam en simbool hê.
- Groepe moenie te lank dieselfde bly nie.

Daar is *twee hoofmaniere* om leerders te groepeer. Vir albei moet die onderwyser ’n goeie idee hê van leerders se vermoëns deur versigtige waarneming van elke leerder in die loop van die skooldag.

*Gemengdevermoë-groepe:* Daar word gewoonlik aanbeveel dat leerders gegroepeer word saam met ander leerders wat verskillende vlakke van taalvaardighede as hulle het. ’n Leerder wat sukkel met teken, kan deur haar maats gehelp word, maar kan dan moontlik sterk punte tot ander vaardighede bydra wat in die aktiwiteite benodig word, soos sosiale, beplannings-, bou- of verbeeldingsvaardighede.

*Dieselfdevermoë-groepe:* Wanneer spesifieke steun benodig word, is dit soms nuttig om leerders saam met ander leerders op ’n soortgelyke ontwikkelingsvlak as hulle s’n te groepeer. Dit stel die onderwyser in staat om die vlak van die aktiwiteit en die hoeveelheid verduideliking en tyd wat benodig word, te bepaal, sonder dat enigiemand agterweë gelaat word.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 14 2021/11/29 05:59

## Die voordeel van kleingroep-aktiwiteite

- Minder hulpbronne word vir 'n klein groep as 'n hele klas benodig, byvoorbeeld skêre, verfkwaste, speeldeeg en speletjieborde.
- Elke leerder kry 'n geleentheid om die materiale en hulpbronne te hanteer.
- Leerders ontwikkel interpersoonlike vaardighede, byvoorbeeld om te deel, beurte te neem, te praat en te luister.
- Leerders neem verantwoordelikheid vir groepstake, byvoorbeeld opruim.
- Kleingroep-werk help met konsolidering en oefening van konsepte en vaardighede wat reeds onderrig is.

## Die onderwysergerigte kleingroep-aktiwiteite

Dit is beplan sodat die onderwyser:

- op die vloer of by 'n tafel met die leerders werk
- op die groep se vlak instruksies gee en vrae vra
- elke leerder individueel waarneem en met hulle werk
- assesseer of elke leerder die nodige vaardighede ontwikkel het
- die sessie prakties en interaktief maak, waar sowel die onderwyser as die leerders deelneem.



## Die selfstandige kleingroep-aktiwiteite

Dit is beplan sodat die leerders:

- dit betekenisvol en aangenaam sal vind
- sonder die onderwyser se hulp kan werk
- teen hul eie tempo kan werk
- wat stadig werk, die taak in die gegewe tyd sal kan voltooi
- wat die take vroeg voltooi, aangemoedig word om die groep stil te verlaat en 'n vryekeuse-aktiwiteit kan kies uit dié wat die onderwyser uitgepak het.

*As jy oplet dat leerders nie aan die gang kom nie, of nie vorder nie, moet jy die redes ondersoek. Verander of wysig die aktiwiteit vir individuele leerders of groepe indien nodig.*



### In die klaskamer …

**Leer die leerders eenvoudige reëls oor hoe om:**

- tussen aktiwiteite te beweeg
- tydens kleingroep-aktiwiteite op te tree
- op te ruim en hul werk op te pak wanneer hulle klaar is.

*Herhaal die reëls daagliks totdat die leerders dit ken en outomaties kan volg. Dit verg tyd! Wees konsekwent. Help leerders geduldig reg as hulle nie die reëls nakom nie.*



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 15 2021/11/29 05:59

# Hoe om vir ’n tweeweek-aktiwiteitsiklus te beplan

Die Taalprogram is gegrond op ’n tweeweek-plan van aktiwiteite. Die aktiwiteitroetine word deur die jaar herhaal om voorsiening te maak vir die bekenstelling, ontwikkeling en konsolidasie van vaardighede.

## Week 1

| Heleklas-aktiwiteite | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **Storie-gebaseerde aktiwiteite** | **Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat** | **Storievertelling en sang** | **Storievertelling en rolspel** | **Opeenvolgende prente** | **Maak, teken en skryf** |
| | Leerders hoor die storie vir die eerste keer terwyl hulle nuwe woordeskat leer. | Leerders luister weer na die storie en sing ’n liedjie verbonde aan die storie. | Leerders vertolk verskillende rolle en gebruik die storietaal self terwyl die storie vertel word. | Leerders vertel die storie weer deur prente te gebruik. | Leerders stel hulle idees oor die storie voor deur ’n voorwerp te maak, ’n prent te teken of aan gedeelde skryf deel te neem. |
| **Letter- en klank-aktiwiteite** | **Stel ’n klank uit die storie bekend** | **Vorm die letter** | **Letterhouers** | **Luister vir fokusklanke** | **Samesmelting en verdeling** |
| | Leerders word aan ’n fokusklank uit die storie bekendgestel. | Leerders vorm die fokusletter met gebruik van verskillende materiale wat hulle ’n ryk sensoriese ervaring bied. | Leerders sien voorwerpe en prente wat met die fokusklank begin, hou dit vas en gesels daaroor. | Leerders identifiseer fokusklanke in woorde. | Leerders meng klanke om woorde te vorm en verdeel woorde in klanke. |
| **Klein-groep-aktiwiteite** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| | Stella toon aan watter daaglikse kleingroep-aktiwiteite deur die onderwyser gelei word. | | | | |
| **Die blou groep** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** |
| | Leerders teken hulle idees deur teken en ontluikende skryf op. | Leerders bou legkaarte en speel taalspeletjies. | Leerders lees onafhanklik en geniet boeke en ander gedrukte materiaal. | Leerders doen fynmotoriese aktiwiteite en oefen lettervorming. | Leerders bou op die storietaal en tema deur voorgee-spel. |
| **Die groen groep** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** |
| **Die geel groep** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** |
| **Die rooi groep** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** |
| **Die pers groep** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** |



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 16 2021/11/29 05:59

Leerders se belangstelling word behou deur die stories wat deurlopend verander en deur kreatiewe afwisseling van die aktiwiteite wat met verloop van die jaar al hoe ingewikkelder word. Besonderhede oor die stories en aktiwiteite vir elke tweeweek-siklus word in die Aktiwiteitsgids vir elke kwartaal verskaf.

## Week 2

| Heleklas-aktiwiteite | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **Storie-gebaseerde aktiwiteite** | **Nog opeenvolgende prente** | **Gedeelde lees – Groot Boek** | **Leer om te luister** | **Lees en doen** | **Maak, teken en skryf** |
| | Leerders konsolideer hulle storiekennis meer onafhanklik met opeenvolgende prente. | Leerders luister na 'n bekende storie wat vir hulle voorgelees word terwyl die onderwyser die leesproses demonstreer. | Leerders luister goed en volg mondelinge instruksies. | Leerders vertolk geskrewe en prentleidrade. | Leerders stel hulle idees oor die storie voor deur 'n voorwerp te maak, 'n prent te teken of aan gedeelde skryf deel te neem. |
| **Letter- en klank-aktiwiteite** | **Stel 'n klank uit die storie bekend** | **Vorm die letter** | **Letterhouers** | **Luister vir fokusklanke** | **Samesmelting en verdeling** |
| | Leerders word aan 'n fokusklank uit die storie bekendgestel. | Leerders vorm die fokusletter met gebruik van verskillende materiale wat hulle 'n ryk sensoriese ervaring bied. | Leerders sien voorwerpe en prente wat met die fokusklank begin, hou dit vas en gesels daaroor. | Leerders identifiseer fokusklanke in woorde. | Leerders meng klanke om woorde te vorm en verdeel woorde in klanke. |
| **Klein-groep-aktiwiteite** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| | Stella toon aan watter daaglikse kleingroep-aktiwiteite deur die onderwyser gelei word. | | | | |
| **Die blou groep** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** |
| | Leerders teken hulle idees deur teken en ontluikende skryf op. | Leerders bou legkaarte en speel taalspeletjies. | Leerders lees onafhanklik en geniet boeke en ander gedrukte materiaal. | Leerders doen fynmotoriese aktiwiteite en oefen lettervorming. | Leerders bou op die storietaal en tema deur voorgee-spel. |
| **Die groen groep** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** |
| **Die geel groep** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** |
| **Die rooi groep** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  |
| **Die pers groep** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**  | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** |

# Hoe om leerders se vordering in Graad R te assesseer

In Graad R is assessering 'n deurlopende, beplande proses van versameling, ontleding en vertolking van inligting oor elke leerder.

Assessering moet informeel en **formatief** wees. Met ander woorde, die inligting wat tydens assessering oor die leerders versamel word, moet jou help om leeraktiwiteite te beplan en aan te pas sodat leerders se leer bevorder sal word. In Graad R is die fokus van assessering nie om punte te gee nie, maar eerder om besluite te neem oor die beste manier om elke leerder se ontwikkeling te ondersteun.

**Woordelys**

**formatiewe assessering**

assessering wat inligting gee oor leerders se vordering terwyl leer plaasvind

Jy kan nie assesseer wat jy nie onderrig het nie! Assessering is die skakel tussen KABV-vakinhoud en -vaardighede en jou onderrig- en leeraktiwiteite. Assessering vir onderrig en leer word gedoen om:

- elke leerder se vlak te bepaal
- elke leerder se ontwikkeling aan te moedig
- elke leerder se vordering na te gaan
- beplanning en die keuse van aktiwiteite te rig
- jou onderrigvlak te rig
- bykomende ondersteuning vir leerders wat leerhindernisse ervaar, te beplan
- te help om verslae oor leerders se prestasies op te stel.

## In die klaskamer ...



**Assesseringswenke**

Inligting oor leerders se kennis- en vaardigheidsontwikkeling moet elke dag op verskillende maniere en tye versamel word.

- Neem leerders tydens heleklas-aktiwiteite asook tydens vryspel binne en buite die klaskamer waar.
- Gesprekke met individuele leerders of klein groepe leerders kan jou help om die vlak en diepte van leerders se denke en redenering te verstaan.
- Kyk goed na die dinge wat leerders doen en maak (prente, tekeninge, voorwerpe en/of "skryfwerk") om te sien wat hulle verstaan en bereik het.
- Werk elke dag met een klein groep leerders aan 'n spesifieke aktiwiteit wat aan 'n KABV-komponent of -vaardigheid gekoppel is. Terwyl die leerders besig is met die aktiwiteit, neem elke leerder in die klein groep goed waar en vra vrae om insig in hul denke en begripsvlak te verkry.

## Assesseringsinstrumente


Onthou dat assessering leerders nooit angstig of bang moet laat voel nie, en daarom moet leerders nooit bewus wees dat die onderwyser besig is om inligting oor hulle op te teken nie. Deur waarnemings deur die loop van die jaar op te teken, word daar geleidelik 'n volledige beeld van elke leerder en hul sterk en swak punte opgebou. Daar is vier verskillende instrumente wat gebruik kan word: leerders se lêers, waarnemingsboeke, kontrolelyste en rubrieke.

*Verwys ook na die GDO Graad R-assesseringspraktyk-hulpbronpak vir meer idees.*



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 18 2021/11/29 05:59

### Leerders se lêers



Die onderwyser moet ’n lêer vir elke leerder in die klas voorberei en dit gebruik om elke leerder se papiergebaseerde werk te bewaar. Skryf die leerder se naam en die datum op elke bladsy wat geliasseer word. Dit sal die leerders ’n idee gee van die waarde wat aan hul werk geheg word en bied jou ook ’n wonderlike manier om vordering deur die jaar te assesseer.
(Vertoon leerders se werk eers in die klaskamer voordat jy dit liasseer.)

### Waarnemingsboek



In Graad R behoort die onderwyser leerders binne en buite die klaskamer, tydens vryspel en tydens gestruktureerde aktiwiteite waar te neem. Stel ’n paar bladsye vir elke leerder saam en teken dít op wat jy oplet oor hul gedrag, vaardighede, houdings, prestasie en voorvalle in die klaskamer.
(Hierdie anekdotiese aantekeninge sal jou help om elke kwartaal die kontrolelys te voltooi.)

### Kontrolelyste




Kontrolelyste bied ’n lys assesseringskriteria vir die vaardighede wat deur die kwartaal onderrig is. Die onderwyser maak ’n regmerkie of ’n kruisie om “bereik” of “nog nie bereik nie” aan te toon. ’n Derde opsie is ’n kolletjie, wat aantoon dat die leerder nog nie heeltemal vaardig is nie, maar vordering toon en byna die vaardigheid bereik het.
(Die Aktiwiteitsgids vir elke kwartaal bevat kontrolelys-template.)

### Rubrieke

’n Rubriek is nog ’n instrument om leerders se prestasies te assesseer. Dit bestaan ook uit ’n lys kriteria, maar bied meer gedetailleerde beskrywings as die kolletjie, regmerkie en kruisie. ’n Rubriek gee beskrywings vir verskillende prestasievlakke vir elke assesseringskriterium. Die rubriek stel onderwysers in staat om meer objektief en konsekwent te wees in hul assessering en gee meer gedetailleerde riglyne aan die onderwyser rakende die steun wat elke leerder benodig.
(Die Aktiwiteitsgids vir elke kwartaal bevat rubriektemplate.)

Die rubriek se vlakbeskrywer is gekoppel aan ’n prestasiekode en word vir elke rubriek wat gedurende die jaar gebruik word in die Suid-Afrikaanse Skooladministrasie-bestuurstelsel (SA-SAMS) ingevoer. Die stelsel ontleed die kodes en stel ’n verslag vir ouers en versorgers saam.

| Assesserings-kriteria | 1. Nie bereik nie (0–29%) | 2. Gemiddelde prestasie (30–49%) | 3. Bevredigende prestasie (50–74%) | 4. Uitnemende prestasie (75–100%) |
|---|---|---|---|---|
| **Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde** | Kan nie stories vertel en oorvertel nie; kan net ’n paar woorde sê. | Beperkte oorvertelling; noem slegs enkele gebeure; volgorde moontlik nie korrek nie; gebruik kort sinne en eenvoudige woordeskat. | Kan die meeste gebeure in die storie oorvertel, met ’n begin, middel en einde, maar met baie min besonderhede; benodig aanmoediging, soos: “en toe …”; “wat het volgende gebeur?”; begin langer sinne gebruik. | Storie volg ’n logiese volgorde en het ’n begin, middel en einde; karakters en agtergrond is in besonderhede beskryf; menings en gevoelens van karakters is beskryf; gebruik langer en ingewikkelder sinne en voeg woorde bymekaar, soos “en toe”; “daarna het”; gebruik nuwe woordeskat uit die storie. |



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 19 2021/11/29 05:59

# Programaktiwiteite is in lyn met die KABV

Hierdie tabel toon hoe die aktiwiteite van die tweeweek-siklus spesifieke KABV-taalvaardighede ontwikkel, en ook hoe jy hierdie aktiwiteite kan gebruik om leerders se vordering teen KABV-assesseringskriteria te meet.

| Tweeweek-siklus | Heleklas-storiegebaseerde aktiwiteite | KABV-taal-vaardighede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| | | | (afgelei van die KABV-assesseringskriteria) | |
| **Week 1**: Maandag | Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat | Luister en praat | Luister met genot na kort stories en neem deel aan refreine op die gepaste tye<br>Vra vrae | |
| Dinsdag | Storievertelling en sang | Luister en praat | Sing eenvoudige liedjies en voer bewegings uit (met hulp) | |
| Woensdag | Storievertelling en rolspel | Lees en kyk | Dramatiseer dele van stories, liedjies of rympies | |
| Donderdag | Opeenvolgende prente | Luister en praat | | **Luister en praat – Rubriek 1**: Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde |
| Vrydag | Maak, teken en skryf | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge en dra sinne by tot die skryf van 'n klasstorie<br>Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra | |
| **Week 2**: Maandag | Nog opeenvolgende prente | Luister en praat<br>Lees en kyk | | **Luister en praat – Rubriek 2**: Rangskik 'n stel prente in 'n logiese volgorde om 'n storie te vorm en vertel die storie wat geskep is |
| Dinsdag | Gedeelde lees – Groot Boek | Lees en kyk | "Lees" vergrote tekste soos gedigte, Groot Boeke en plakkate as 'n heleklas-aktiwiteit saam met die onderwyser | |
| Woensdag | Leer om te luister | Luister en praat | Luister na eenvoudige instruksies en voer dit uit | |
| Donderdag | Lees en doen | Lees en kyk | Herken eie naam en die name van sommige maats in die klas | |
| Vrydag | Maak, teken en skryf | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge en dra sinne by tot die skryf van 'n klasstorie<br>Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra | |



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 20 2021/11/29 05:59

| Tweeweek-siklus | Heleklas-letter- en klank-aktiwiteite | KABV-taal-vaardig-hede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| **Week 1 en 2**: Maandag | Stel 'n klank uit die storie bekend | Klanke | | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Dinsdag | Vorm die letter | Handskrif | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 1**: Ontwikkel kleinspier-vaardighede en fynmotoriese vaardighede |
| Woensdag | Letterhouers | Klanke | | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Donderdag | Luister vir fokusklanke | Klanke | Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van hulle eie naam | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 2**: Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van eie naam en ander woorde |
| Vrydag | Samesmelting en verdeling | Klanke | Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe: klap of gebruik tromslae op elke lettergreep in die woord of identifiseer die hoeveelheid lettergrepe (klappe) in die name van die kinders in die klas | |

| Tweeweek-siklus | Kleingroep-aktiwiteite | KABV-taal-vaardig-hede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| **Week 1 en 2**: Maandag | Teken en ontluikende skryf | Ontluikende skryf | Probeer letters skryf deur te krabbel en probeer eie skryfwerk "lees": "lees" wat krabbels beteken<br>Hou vetkryte reg vas en gebruik 'n aanvaarbare potloodgreep | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 2:** Teken prente om hoofgedagte van stories, liedjies of rympies weer te gee<br>**Rubriek 3**: Toon begrip dat skryf en teken verskillende aksies is: voorgee-skryf met gebruik van krabbels |
| Dinsdag | Legkaarte en speletjies | Klanke<br>Luister en praat | Gebruik taal om te dink en te redeneer: pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Woensdag | Selfstandige lees | Lees en kyk | "Lees" selfstandig en vir genot boeke uit die biblioteek/klaskamer se leeshoekie<br>Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 3**: Maak eie storie op deur die prente te "lees" |
| Donderdag | Fynmotoriese vaardighede en handskrif | Handskrif | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting<br>Boots bekende letters in eie naam na om skryfwerk voor te stel: boots eie naam na<br>Ontwikkel fynmotoriese beheer deur duidelik omlynde prente, vorms, ens. uit te knip | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 1**: Ontwikkel kleinspier-vaardighede en fynmotoriese vaardighede |
| Vrydag | Voorgee-spel | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Rolspeel skryf in speelsituasies: skryf van 'n telefoonboodskap, inkopielys, 'n verkeersboete<br>Herskryf teks vanuit die omgewing in speelsituasies | |



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 21 2021/11/29 05:59

# Afdeling 2: Leidende beginsels van onderrig en leer in Graad R

Die program moedig ’n benadering tot onderrig en leer aan wat stimulerend en motiverend vir leerders is. Leerders sal die houdings, kennis en vaardighede ontwikkel waarop hulle in hoër grade sal voortbou. Onderwysnavorsing in klaskamers het ’n stel onderrigbeginsels, wat tot suksesvolle leer bydra, uitgelig. Hierdie program is op agt van dié **beginsels** geskoei.

**Woordelys**

**beginsel**

’n algemene reël wat as waar aanvaar word

## Agt beginsels van onderrig en leer

Alhoewel die beginsels genommer is, is dit suiwer vir verwysingsdoeleindes. Al die beginsels is ewe belangrik en jy sal sien dat hulle nou met mekaar verband hou.

DIE AGT BEGINSELS VAN ONDERRIG EN LEER IN GRAAD R



**1** ***Die konteksbeginsel.*** Leer vind plaas in sinvolle en gepaste situasies.



**2** ***Die aktiwiteitsbeginsel.*** Leerders behoort direk by die leer–onderrig-proses betrokke te wees.





**3** ***Die spelbeginsel.*** Kinders leer die beste tydens aktiwiteite wat vryspel en gerigte spel behels.



**4** ***Die vlak-beginsel.*** Leerders gaan deur verskeie vlakke van begrip en ontwikkeling.



**5** ***Die interaksiebeginsel.*** Leer vind plaas wanneer daar kommunikasie is en idees gedeel word.



**6** ***Die leidingsbeginsel.*** Leer vind plaas wanneer onderwysers leerders lei om nuwe kennis te ontwikkel.



**7** ***Die inklusiwiteitsbeginsel.*** Leer vind plaas in ’n omgewing waar almal welkom voel, ingesluit word, regverdig behandel en gerespekteer word, en kan deelneem.



**8** ***Die oefenbeginsel.*** Leer word versterk deur nuwe kennis en vaardighede te oefen.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 22 2021/11/29 05:59

Die volgende deel van die *Konsepgids* lei jou deur die agt beginsels van onderrig en leer in Graad R. Elke beginsel bevat:

- 'n definisie
- meer inligting oor die beginsel
- 'n "In die klaskamer …"-kassie waar ons ondersoek hoe 'n konsep of beginsel in die klaskamer toegepas kan word.

## 1 Die konteksbeginsel

*Wanneer kinders met Graad R begin, bring hulle hul eie ervarings van die wêreld na die klaskamer.*

**Leer vind plaas in sinvolle en gepaste situasies.**

Leer vind tydens alledaagse ervarings in die huis, by die winkels, in die straat, by die kliniek, in die taxi, by die biblioteek, in die tuin, by die kerk en moskee, in die park, en in talle ander alledaagse kontekste plaas. Kinders het reeds ervarings, asook begrip en idees van die wêreld, wanneer hulle met Graad R begin. Dit is hul alledaagse kennis. Hulle het grootgeword met die taal van hul gesin. Alledaagse kennis en taal sal nie dieselfde vir alle leerders wees nie, want dit hang van die leerder se gesin en familie, gemeenskap en kultuur af.



### In die klaskamer …

Talle kinders in Suid-Afrika word groot in kontekste waarin daar beperkte blootstelling aan boeke is en waarin teken en skryf nie deel van hul alledaagse ervaring is nie. As onderwysers van jong leerders moet ons klaskamerruimtes skep wat help om 'n brug tussen leerders se huis- en skoolkonteks te vorm sodat leer vir hulle betekenisvol is.

Ons kan leerders aanmoedig om op die uitkyk te wees vir drukwerk en letters op pad huis toe ná skool of in hul buurt sodat hulle skryfwerk in hul eie kontekste kan sien. Ons kan ook vir leerders wys dat lees en skryf 'n doel het deur hul aandag te vestig op aktiwiteite soos die skryf van 'n inkopielys of om vir iemand 'n kaartjie te maak.








Die skep van 'n klaskameromgewing met baie drukwerk, help leerders ook om die doel van drukwerk te besef. Hier is 'n paar idees vir die gebruik van drukwerk op praktiese maniere in 'n Graad R-klaskamer:

- Skryf die leerders se name op 'n verjaardagkalender en kyk elke dag saam met die klas daarna.
- Plak etikette op houers vir byvoorbeeld blokkies en legkaarte. Wanneer jy enige hulpbronne uithaal, lees die etikette hardop saam met die leerders.
- Maak 'n plakkaat wat die daaglikse program met prente en woorde illustreer. Moedig die leerders aan om te probeer om die plakkaat te lees om uit te vind watter aktiwiteit volgende aan die beurt is.
- Vertoon plakkate oor higiëne langs die wasbak of toilet om leerders te herinner om hul hande te was. Gebruik prente en woorde vir hierdie plakkate.
- Lees plakkate op die mure. Maak 'n weerkaart om elke dag saam met die leerders te lees.
- Vertoon leerders se tekeninge en voorbeelde van hul ontluikende skryfwerk in die klaskamer.



Ons weet uit die konteksbeginsel dat jong leerders die beste leer wanneer nuwe leerwerk betekenis het en verband hou met iets waarvan hulle reeds weet. Stories is een van die beste maniere waarop jong leerders sin maak van dinge. Dit is hoekom die Taalverbeteringsprogram op grond van stories gestruktureer is, wat leerders in staat stel om nuwe vaardighede en kennis in 'n bekende storiekonteks te ontwikkel.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 23 2021/11/29 05:59

## 2 Die aktiwiteitsbeginsel

**Leerders behoort direk by die leer–onderrig-proses betrokke te wees.**

*Jong leerders leer die beste deur aktief te wees.*

Jong leerders leer die beste deur aktief te wees, dinge te doen en betrokke te raak by praktiese aktiwiteite. Hulle gebruik hul liggame om die wêreld om hulle te verken en daarvan te leer, en vind dit moeilik om vir lank stil te sit. Hulle leer makliker as hulle nuwe woorde en konsepte aan aksies en werklike ervarings kan koppel.

Leer in Graad R behoort te bestaan uit genotvolle, praktiese aktiwiteite wat alledaagse voorwerpe en sinvolle ervarings insluit. Die aktiwiteite moet, waar moontlik, vir leerders geleenthede bied om hul hele liggaam en al hul sintuie te gebruik, veral sig, gehoor en die tassintuig.

### In die klaskamer ...

Wanneer leerders 'n storie rolspeel, kry hulle 'n kans om die karakters te verpersoonlik en die taal van die storie hul eie te maak. Hulle gebruik nuwe taal en ontwikkel selfvertroue deur aktief by die vertel van die storie betrokke te wees.





Concept Guide_AFRIKAANS.indd 24 2021/11/29 05:59

## In die klaskamer (vervolg) ...


Graad R-leerders moet nie die alfabet dreunsing, letters van 'n bord afskryf, of oefen om letters tussen lyne of op papier met 'n potlood te skryf nie. Jong leerders moet leer hoe om letters te vorm deur groot bewegings te maak en deur ervarings wat al hul sintuie betrek. Lettervorming moet op multisensoriese maniere onderrig word, soos om 'n letter op beton te verf met 'n verfkwas wat in water gedoop is, 'n letter met speeldeeg te vorm, die vorming van 'n letter te koppel aan die klank wat dit maak of letters in 'n bak vol sand na te trek.



Dit sal makliker wees vir leerders om klanke in woorde te hoor as hulle die klanke met liggaamlike aksies en konkrete voorwerpe in verband kan bring. Dit kan byvoorbeeld gedoen word deur leerders aan te moedig om op elke lettergreep of klank te klap of te hop, of om speelmunte te skuif terwyl hulle elke lettergreep of klank in 'n woord sê.



Wanneer jy 'n nuwe letter bekendstel, is dit 'n goeie idee om vir leerders 'n voorwerp te wys wat met daardie klank begin – gesels oor die voorwerpe, stuur dit om sodat die leerders daaraan kan vat, en sê dan die naam van die voorwerp terwyl jy die fokusklank beklemtoon.






Concept Guide_AFRIKAANS.indd 25 2021/11/29 05:59

## 3 Die spelbeginsel

**Kinders leer die beste tydens aktiwiteite wat vryspel en gerigte spel behels.**

*Vir kinders is leer en speel nie afsonderlike aktiwiteite nie.*

Vir kinders is leer en speel nie afsonderlike aktiwiteite nie. Dit is nie iets wat hulle slegs in hul "vrye tyd" doen of wanneer daar nie 'n onderwyser naby is nie. Spel kan baie dinge beteken, soos liggaamlike aktiwiteite buite; speel met sand of water; voorgee-spel met maats of alleen; speel met blokkies en konstuksiespeelgoed; of luister-, raai- of kaartspeletjies. Hoewel sommige speelaktiwiteite ekstra tyd en hulpbronne verg, geniet kinders dit dikwels om met alledaagse voorwerpe en eenvoudige tuisgemaakte materiale te speel.

### Vyf soorte spel

Navorsers het vyf soorte spel geïdentifiseer wat in alle kulture voorkom en wat die liggaamlike, sosiale, emosionele en kognitiewe ontwikkeling van 'n kind ondersteun.

| | |
|---|---|
|  | **Liggaamlike spel**<br>★ Dit sluit in aktiewe oefening, fynmotoriese oefening en ongeordende spel.<br>★ Liggaamlike spel is belangrik vir grootmotoriese en fynmotoriese koördinasie en om krag en uithouvermoë te ontwikkel. |
|  | **Spel met voorwerpe**<br>★ Namate kinders verskillende voorwerpe in hul wêreld ontdek, ondersoek en daarmee eksperimenteer, ontwikkel hulle denke en probleemoplossingsvaardighede.<br>★ Dit kan raserige voorwerpe soos potte en panne wees; drywende voorwerpe soos kurkproppe en plastiekbottels; voorwerpe om op te stapel soos jogurtbakkies; of voorwerpe wat platgedruk, gevou, gevorm, gegooi, gebons, gedruk en gedra kan word. |
|  | **Simboliese spel**<br>★ Dit is wanneer kinders 'n speelding, voorwerp, prent, tekening of ander merk wat hulle maak, gebruik om werklike voorwerpe voor te stel.<br>★ In simboliese spel leer leerders dat een ding 'n ander een kan voorstel, net soos hulle later sal leer dat 'n letter 'n klank kan voorstel. |
|  | **Voorgee-spel en sosiodramatiese spel**<br>★ Dit behels om 'n scenario voor te stel, verskillende rolle te vertolk, soos karakters aan te trek, verskillende stemme te gebruik en oor gebeure te onderhandel.<br>★ Voorgee-spel bevorder kognitiewe en sosiale ontwikkeling en help kinders om hul eie gedrag en denke te bestuur. |
|  | **Speletjies met reëls**<br>★ Dit kan insluit om te hop, te tel, en om springspeletjies, bordspeletjies, dobbelsteenspeletjies, kaartspeletjies en wegkruipertjie te speel.<br>★ Hierdie speletjies moedig kinders aan om te leer, reëls te volg en te verduidelik, te deel en beurte te neem, mekaar te help, teleurstelling te verwerk en weer te probeer. |



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 26 2021/11/29 05:59

## In die klaskamer ...

Kinders is lief daarvoor om voor te gee, en voorgee-spel is ’n baie goeie manier om hul leer te ondersteun. Voorgee-spel kan rumoerig wees, maar hierdie soort spel ontwikkel kinders se vermoë om taal te verstaan en te gebruik wat verder as die onmiddellike, hul eie persoonlike ervarings en die regte wêreld strek. Hulle moet oor rolle onderhandel en verduidelik wat hulle doen. Hulle leer ook van voorstelling – dat een ding iets anders kan voorstel. Deur hierdie ingewikkelde konsep te verstaan, sal hulle leer verstaan dat die skrif op ’n bladsy, die woorde wat ons sê, voorstel.

Hier is ’n paar praktiese idees om jou te help om voorgee-spel in jou klaskamer aan te moedig:

- ’n Kamma-winkel kan maklik met ou bokse, plastiekhouers en ander kombuisitems opgestel word. Afvalpapier kan vir kamma-geld gebruik word. Jong leerders geniet ook huishoudelike rolspel-roetines, soos kook en was.
- Moedig leerders aan om voorgee-skryf en -lees in hul spel te gebruik. Byvoorbeeld, maak ’n bordjie vir ’n winkel, maak ’n inkopielys, skryf ’n voorskrif vir medikasie of neem ’n bestelling in 'n kamma-restaurant.
- Speel saam met die leerders. Wys dat jy dit geniet en beklemtoon jou betrokkenheid deur hardop te dink en te praat oor wat in die aktiwiteit gebeur.
- Help leerders om tydens speletjies oor simbole na te dink. Maak ’n voorstel van hoe een ding ’n ander een kan voorstel. Byvoorbeeld: *“Julle kan daardie tafel onderstebo draai en dit as ’n boot gebruik.”*








Concept Guide_AFRIKAANS.indd 27 2021/11/29 05:59

## Die spelgebaseerde benadering

Die spelgebaseerde benadering tot onderrig en leer erken dat kinders soms die beste leer deur vryspel wat deur die kind geïnisieer en gerig word, sonder betrokkenheid van 'n volwassene.

Ander kere leer kinders die beste uit gerigte spel wat deur die onderwyser vir die hele klas of klein groepe gelei word. 'n Goed beplande onderrig- en leerprogram behoort 'n balans van al die verskillende speelaktiwiteite in te sluit.

*'n Leerprogram moet 'n balans van al die verskillende soorte spelaktiwiteite insluit.*

Leerders moet talle geleenthede kry om:

- *hul omgewing met hul sintuie te verken.*
  Byvoorbeeld: buitenshuise aktiwiteite soos klim en hardloop, eenbeentjie en balspeletjies.
- *probleme te ondersoek en op te los.*
  Byvoorbeeld: die gebruik van konstruksiemateriale om 'n toring te bou, of die gebruik van water of sand om houers te vul.
- *dít wat hulle reeds ken of kan doen, te oefen.*
  Byvoorbeeld: om gestruktureerde speletjies soos slangetjies-en-leertjies of domino's te speel.



## Die belangrikheid van spel vir geletterdheids- en taalontwikkeling

Wanneer leerders speel, gebruik hulle dikwels voorwerpe in hul omgewing en gee voor dat dit ander dinge is. Wanneer leerders teken, maak hulle prente wat die werklike lewe of 'n denkbeeldige wêreld voorstel.

In hierdie soort *simboliese spel* gebruik leerders een voorwerp om iets anders voor te stel. Dit is waar hulle begin leer dat simbole werklike dinge kan voorstel. Hulle leer byvoorbeeld dat:

*In simboliese spel gebruik leerders een voorwerp om 'n ander een voor te stel.*

- 'n reghoekige houtblokkie 'n telefoon kan voorstel
- 'n tekening van twee mense twee werklike mense kan voorstel
- die letter **s** die klank /**s**/ voorstel wat ons in die woorde "son" en "sand" hoor.

Daar is talle ander spelaktiwiteite wat taalleer bevorder. Byvoorbeeld:

- Wanneer leerders raaispeletjies speel, moet hulle taal gebruik om te beskryf waaraan hulle dink.
  *"Ek dink aan 'n dier wat op 'n plaas woon. Die dier gee vir ons melk en vleis."*
- Speletjies soos "Ek sien met my klein ogie" help leerders om die beginklanke in woorde te identifiseer.
  *"Ek sien met my klein ogie iets wat begin met /**t**/."*
- Luisterspeletjies help om leerders se woordeskat en begrip van konsepte te ontwikkel.
  *"Staan op jou linkerbeen en sit jou hande op jou kop."*



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 28 2021/11/29 05:59

## 4 Die vlak-beginsel

**Leerders gaan deur verskeie vlakke van begrip en ontwikkeling.**

Leerders in 'n Graad R-klaskamer is almal min of meer dieselfde ouderdom, maar hulle het almal individuele persoonlikhede, behoeftes, vermoëns, sterk punte en uitdagings. Hulle sal verskil met betrekking tot hul vorige ervarings en taalvlakke. Dit sal 'n invloed op hul werktempo hê asook die ondersteuning wat hulle van onderwysers en ander benodig om te leer.

*Talle faktore sal leerders se werktempo en die steun wat hulle van die onderwyser benodig, beïnvloed.*

### In die klaskamer ...




As kinders nie grootword in huise waar hulle aangemoedig word om vrae te vra en te beantwoord nie, sal hulle moontlik nie gemaklik daarmee voel om dit in die klas te doen nie. Verskillende vrae stel verskillende eise aan leerders se ontwikkelende taalvaardighede. Onderwysers moet probeer om vrae te vra wat op die geskikte vlak vir elke leerder is.

- Party vrae kan met baie min taal beantwoord word, byvoorbeeld: *"Waar kruip die kat weg?"* As leerders na die regte antwoord wys, toon dit dat hulle die vraag verstaan, al praat hulle nie.
- Vrae wat van leerders vereis om tussen twee antwoorde te kies, kan help om hul selfvertroue te ontwikkel, aangesien leerders 'n antwoord kan gee al is hulle nog nie veel taal magtig nie: *"Wil jy die blou of die groen vetkryt gebruik?"*
- Geslote vrae met 'n enkele antwoord ontwikkel ook die selfvertroue van leerders wie se taal nog besig is om te ontwikkel. Byvoorbeeld: *"Watter kleur is die meisie se rok?"*
- Vrae wat leerders aanmoedig om hul eie ervarings te deel, is noodsaaklik vir die ontwikkeling van hul selfvertroue, aangesien daar waarde aan leerders se idees en ervarings geheg word en hulle die bekende kan gebruik om 'n antwoord te gee. Byvoorbeeld: *"Het jy al ooit piekniek gehou? Kan jy vir ons vertel wanneer jy piekniek gehou het?"*
- Vrae oor woorde en hul betekenisse stimuleer interaksie en help om nuuskierigheid oor woorde te ontwikkel. Byvoorbeeld: *"In Afrikaans is hierdie ons 'knieë'. Wat noem ons dit in ander tale?"*
- Oop vrae wat meer as een regte antwoord het, is baie belangrik vir die ontwikkeling van leerders se taal- en denkvaardighede. Byvoorbeeld: *"Wat dink jy gaan volgende gebeur?"; "Hoekom dink jy het …?"*

Hierdie vrae stimuleer interaksie en die deel van idees, maar leerders sal slegs selfversekerd genoeg voel om te antwoord as die onderwyser 'n klaskamer geskep het waar alle antwoorde aanvaar en waardeer word.

### Gedifferensieerde onderrig




Differensiëring beteken dat dít wat jy **onderrig** en die manier waarop jy dit onderrig die verskillende vermoëns van die leerders in ag moet neem. Om hierdie benadering te gebruik, moet onderwysers elke leerder tydens aktiwiteite waarneem en **assesseer** en hierdie inligting gebruik om te **diagnoseer** watter steun die leerder benodig, en dan te beplan hoe die onderwyser gaan **heronderrig** (of **remedieer**) om leerders se begrip en vaardighede te ontwikkel en uit te brei. Party leerders verstaan dalk 'n nuwe idee met net 'n klein bietjie ondersteuning van die onderwyser. Ander benodig dalk meer tyd, meer demonstrasies, meer voorbeelde en meer ondersteuning om dieselfde begrip te verkry. Wanneer jy differensiëring in jou onderrig gebruik, moet jy:

- bewus wees van ooreenkomste en verskille tussen die leerders
- die beste manier beplan om elke leerder op grond van hul sterk punte en uitdagings te onderrig
  - Watter hulpbronne sal hiermee help?
  - Watter groep is die geskikste vir die leerder?
  - Benodig die leerder nog tyd? Hoe kan die aktiwiteit vir 'n vinnige leerder uitgebrei word?
- jou verwagtinge van wat elke leerder teen die einde van die aktiwiteit moes geleer het, aanpas.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 29 2021/11/29 05:59



## In die klaskamer ...


Aan die begin van die Graad R-jaar het party kinders moontlik beperkte ervaring van teken en skryf, terwyl ander dalk reeds hul naam kan skryf en met selfvertroue hul idees sal kan teken. Hul vorige ervaring, vermoëns en belangstellings sal hul ontwikkelingvlakke beïnvloed, en deur leerders goed waar te neem, kan onderwysers hul vaardigheidsvlakke bepaal en die beste ondersteuning vir hul ontwikkeling beplan.

### Teken-gevallestudie

Die volgende gevallestudie illustreer die proses van onderrig, assessering, diagnosering en heronderrig/remediëring. Ná die onderrig van 'n les waarin leerders ook geteken het, het die onderwyser die leerders deur informele waarneming geassesseer en opgelet dat party leerders nie die tekenaktiwiteit op die verwagte vlak kon voltooi nie. Haar waarnemings het tot die diagnose gelei dat die leerders nie besef het dat teken verg dat hulle mooi moet kyk en aandag aan visuele besonderhede moet skenk nie. Sy het daarna stappe gedoen om dit deur sorgvuldige steiering te remedieer. Die prent toon hoe hierdie intervensie 'n leerder in staat gestel het om na die volgende vlak te beweeg.





Blessing was vyf jaar oud toe hy hierdie prent geteken het. Die onderwyser was bekommerd toe sy sy tekeninge gesien het en het besef hy benodig spesiale aandag. Sy het besluit om hom tydens tekentyd waar te neem, en 'n plan beraam om sy tekenwerk te ondersteun. Sy het elke dag met hom oor sy tekeninge gesels. Sy het dinge gesê soos: *"Ek sien jy het 'n prent van jouself hier geteken. Hoeveel arms het jy? Kan jy vir my jou … arms wys? Ja, hier is hulle langs jou lyf. Dink jy jy kan twee arms teken?"*




Die onderwyser het hom aangemoedig om meer tyd te gebruik om sy tekeninge te doen en hom gehelp om te beplan watter kleure om te gebruik. Sy het hom aangemoedig om beter na die dinge wat hy teken, te kyk, byvoorbeeld: *"Kyk na hierdie appel. Watter vorm is dit? Ja, dit is rond. En watter kleur moet jy dit inkleur?"* Die onderwyser het ook haar werkswyse met Blessing se ouers bespreek en hulle aangemoedig om hom tuis te ondersteun. Blessing, sy ouers en sy onderwyser was baie beïndruk met sy vordering!

### Skryf

Jong leerders se eerste skryfpogings lyk dalk nie soos volwassenes se skryfwerk nie, maar hulle word skrywers wanneer hulle probeer om hul idees op papier te kommunikeer en vir 'n doel te skryf. Die volgende voorbeelde illustreer hoe leerders deur die verskillende fases van begrip en ontwikkeling beweeg in die proses om te leer skryf. Sien die leidingsbeginsel vir meer inligting oor die manier waarop 'n onderwyser leerders kan lei op 'n wyse wat geskik is vir hul huidige skryffase.





## 5 Die interaksiebeginsel

*Onderwysers wat reageer op dít waarin leerders belangstel, help leerders se taalontwikkeling.*

**Leer vind plaas wanneer daar kommunikasie is en idees gedeel word.**

Kinders leer die beste wanneer ons reageer op dít waarin hulle belangstel en hulle geleenthede kry om interaksie te hê, hul idees te deel en vrae te vra en te beantwoord. Gesprekke tussen volwassenes en kinders is die hoeksteen van taalontwikkeling en hoe meer kinders aangemoedig word om aan gesprekke deel te neem en hul vrae en idees te verwoord, hoe vinniger sal hul taal- en denkvaardighede ontwikkel.

Navorsing toon dat klaskamers van 'n hoë gehalte in die vroeë kinderjare, dié is waar die onderwyser responsief is en 'n omgewing skep wat interaksie en kommunikasie ondersteun. Dit is so maklik om instruksies te gee en te verwag dat kinders stil moet wees, maar dit is nie hoe jong kinders taal aanleer nie.



### In die klaskamer ...

Daar is talle geleenthede in 'n Graad R-klaskamer om mondelinge taal deur die dag te ontwikkel.

*Wys-en-vertel* is 'n unieke geleentheid vir leerders om iets van hul eie na die klaskamer toe te bring, om voor te berei en om vir 'n volgehoue tydperk te praat oor iets wat vir hulle spesiaal is. Hier is 'n paar strategieë wat jy kan gebruik om interaksie tydens *wys-en-vertel* aan te moedig:



- Bevestig die leerders se keuse van voorwerp vir wys-en-vertel.
- Sak af tot op die leerders se hoogte, maak oogkontak en luister aandagtig.
- Herhaal wat leerders gesê het en voeg inligting by, herfraseer of brei daarop uit, terwyl jy hul boodskap bevestig.
- Vra spesifieke vrae en luister na die leerders se antwoorde. Maak 'n punt daarvan om oop vrae te vra wat leerders se denke uitbrei (*"Ek wonder hoekom ...?"; "Wat dink jy ...?"; "Hoe dink jy het hy gevoel toe ...?"*).
- Gee leerders genoeg tyd om na te dink voordat jy 'n antwoord verwag.
- Wys vir die leerders dat jy aandagtig luister (deur reaksies te gebruik soos: *"mmm, oukei, ja, regtig?"*).
- Bevestig die ander leerders se luistervaardighede en skep 'n veilige ruimte waarin hulle vrae kan vra.
- Betrek leerders wat na die wys-en-vertel luister deur vir hulle vrae te vra oor dít wat hulle gehoor het en oor nuwe dinge wat hulle geleer het.
- Verduidelik jou eie gedagtes en gevoelens (en dié van ander).

### Vrae bevorder taalontwikkeling

Deur vrae te vra, leer kinders hoe verskillende ervarings en idees met mekaar verband hou. Hoe meer hulle vrae vra en hul eie idees verduidelik, hoe vinniger sal hul taal- en denkvaardighede ontwikkel. Leerders se antwoorde is moontlik nie altyd reg nie, maar om foute maak, is deel van saam leer. Onderwysers moet vrae vra wat leerders wel kan beantwoord en moet nooit 'n leerder wat 'n verkeerde antwoord gegee het in die verleentheid stel nie.

Lees in die volgende afdeling meer oor vrae wat jy leerders op verskillende ontwikkelingsvlakke kan vra.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 31 2021/11/29 05:59

## 6 Die leidingsbeginsel

**Leer vind plaas wanneer onderwysers leerders lei om nuwe kennis te ontwikkel.**

*Koesterende verhoudings vol vertroue is die hoekstene van alle leer.*

Kinders word gebore met 'n begeerte om te leer en alhoewel hulle dinge op hul eie kan ontdek, benodig hulle verhoudings om te kan leer en ontwikkel. Koesterende verhoudings vol vertroue is die hoekstene van alle leer. Versorgers of onderwysers wat op kinders se belangstellings en pogings reageer, bemiddel leer en help kinders om sin van hul ervarings te maak.

**Gee leerders verantwoordelikhede**

Kinders hou daarvan om by "volwasse" take betrek te word en jong kinders se vroeë leer sal hoofsaaklik plaasvind terwyl hulle iets langs 'n versorger, broer of suster doen. Deur "geleide deelname" sal hulle geleidelik leer om 'n taak op hul eie te doen. Net soos wat 'n vakleerling 'n vak by 'n meester van daardie vak leer, leer kinders nuwe vaardighede aan deur vakleerlinge van ouer broers en susters, familielede en onderwysers te wees.



### In die klaskamer ...



Net soos by die huis, geniet leerders dit om rolle in die klaskamer te hê. Vra leerders om verantwoordelikheid vir die verjaardagkalender, die weerkaart, die uitdeel van hulpbronne, leiding van hul groep, hulp aan 'n klasmaat of opruim van die boekhoekie te neem. Vra hulle eers om jou te help. Hulle sal leer deur jou dop te hou terwyl jy hierdie take doen, en sal gou gereed wees om die taak self te doen.

**Selfregulering is belangrik**

Kinders moet leer hoe om te leer. Dit beteken hulle moet leer om hul gedrag te bestuur of te reguleer. Deur 'n aktiwiteit saam met 'n responsiewe versorger of onderwyser te voltooi, leer kinders om kalm te raak, om te dink voor hulle optree en om nie oorhaastig op te tree nie. Kinders leer om hul impulse te beheer, planne te verander en hul frustrasies te bestuur wanneer 'n taak moeilik is om op te los. Hulle leer om vooruit te dink en alternatiewe te oorweeg, eerder as om ondeurdag te reageer. Onderwysers wat leerders geleenthede gee om hul beurt af te wag, na instruksies te luister en aan beplanning van 'n taak deel te neem, help leerders om te leer om te selfreguleer.

Onderwysers kan leerders help om gefokus te bly op 'n taak of aktiwiteit deur die leeromgewing te bestuur. Dit kan beteken om die geraas te verminder of speelgoed of voorwerpe wat nie van toepassing op die aktiwiteit is nie en moontlik leerders se aandag kan aflei, op te ruim. Onderwysers kan leerders ook help om gefokus te bly deur belangrike dele van die aktiwiteit uit te wys of hulle te wys hoe om 'n taak te benader. Leerders benodig talle geleenthede om aan take deel te neem om die vermoë om gefokus te bly, te ontwikkel.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 32 2021/11/29 05:59

**Leiding op die regte vlak**

Dit is belangrik dat die leiding wat ’n onderwyser aan leerders bied, geskik is vir hul ontwikkelingsvlak. Soos ons in die vlakbeginsel gesien het, gaan leerders deur verskillende skryffases wanneer hulle leer skryf en dit is belangrik dat die onderwyser dit raaksien en leerders op gepaste wyse ondersteun.




## In die klaskamer ...

Onderwysers speel ’n belangrike rol in die leiding van leerders wanneer hulle teken en met hul eerste skryfpogings. Hier is ’n paar voorstelle vir maniere om jong leerders se ontluikende skryf te lei:


- Dit is normaal dat leerders se skryfwerk krabbels, letters, getalle en vorms bevat. As leerders spontaan krabbel of vra om te skryf, kan jy hulle vra om vir jou te vertel wat hulle geskryf het en erkenning aan hul pogings gee. Byvoorbeeld: *“Jy het ’n baie oulike storie geskryf. Kan jy vir my vertel wat hier staan?”*




- Moenie bekommerd wees as party leerders ’n lang string letters sonder spasies skryf nie. Soms kan dit nuttig wees om die leerders se woorde op jou vingers af te tel terwyl hulle vir jou hul sin sê, en om na ’n vinger te wys soos wat jy elke woord sê. Moedig die leerders aan om dieselfde met hul vingers te doen wanneer hulle skryf. Dit kan hulle help om die spasies tussen woorde te verstaan.




- Leerders sal moontlik deur die loop van die jaar begin om enkele letters te gebruik om sommige klanke in woorde voor te stel. Lewer kommentaar op dít wat jy in hul skryfwerk raaksien. Byvoorbeeld: *“Ek hou van die manier waarop jy die letter **b** vir baba-voëltjie in jou skryfwerk gebruik het – jy het mooi gedink!”* Hulle sal moontlik steeds letters agterstevoor of onderstebo skryf. Moenie hul skryfwerk korrigeer nie. Hulle sal die korrekte vorming in ander aktiwiteite oefen.




- Party leerders sal dalk besef dat hulle nie “korrek” skryf nie en dan weier om enigsins te skryf. Dit kan gebeur wanneer hulle ’n goeie begrip van letters en klanke verkry het, maar nog nie konvensionele (“grootmens-”) spelling kan gebruik nie. Dit is ’n belangrike fase in skryfontwikkeling. Ondersteun die leerders deur ’n paar woorde namens hulle te skryf en moedig hulle aan om woorde te skryf wat hulle kan klank of woorde wat hulle wel kan spel. Hulle sal gou weer meer selfstandig begin skryf.






Concept Guide_AFRIKAANS.indd 33 2021/11/29 05:59

## 7 Die inklusiwiteitsbeginsel

**Leer vind plaas in 'n omgewing waar almal welkom voel, ingesluit word, regverdig behandel en gerespekteer word, en kan deelneem.**


*Onderwysers* wat 'n inklusiewe ingesteldheid het, verwelkom en bevorder diversiteit onder leerders. Elke Suid-Afrikaanse klaskamer bestaan uit talle verskillende leerders, en elkeen bring sy/haar eie identiteit, persoonlikheid, vermoëns, belangstellings en agtergrond na die klaskamer.

Alle *leerders* het die reg om spesiaal te voel, deel te neem en ingesluit te word by klaskameraktiwiteite en besprekings. Dit sluit kinders met gestremdhede, gedragskwessies of ander leerhindernisse in. Leerders moet verwelkom word, aangemoedig word om deel te neem aan alle aspekte van die skoollewe, en ondersteun word om te leer en hul volle potensiaal te bereik.

Die inklusiwiteitsbeginsel is ook op *ouers en personeel* van toepassing, wat verwelkom, regverdig behandel en gerespekteer moet word, ongeag hul kultuur, etnisiteit, ras, geslag, gender-identiteit, seksuele oriëntasie, liggaamlike of intellektuele vermoë, godsdiens of sosio-ekonomiese status, taal en leerstyle.

### Leerhindernisse

Die Onderwyswitskrif 6 oor Spesiale Onderwysbehoeftes stipuleer die insluiting van leerders duidelik, veral dié wat voorheen van hoofstroomonderwys uitgesluit of gemarginaliseer is. Die volgende **leerhindernisse** is geïdentifiseer as sommige van die redes waarom leerders van leer uitgesluit word:




*Inklusiewe onderwys beteken dat alle leerders die reg op toegang tot basiese onderwys sonder diskriminasie het.*

*Respek vir diversiteit en 'n verbintenis tot insluiting is leerders se reg en word deur die Suid-Afrikaanse Grondwet beskerm.*

*Insluitingsbeleide beveel aan dat onderwysers bewus moet wees van elke leerder se identiteit, behoeftes en belangstellings sodat dit in die hoofstroomklaskamer aangespreek en ingesluit kan word.*

### Woordelys

**leerhindernis**

'n leerhindernis is enigiets wat 'n leerder daarvan weerhou om doeltreffend te leer

Leerhindernisse kan die volgende wees:

- *intrinsiek:* direk aan die leerder gekoppel (byvoorbeeld: kognitiewe gebrek, emosioneel of liggaamlik)

**of**

- *ekstrinsiek:* van buite die leerder (byvoorbeeld: armoede, verwaarlosing, geweld in die gemeenskap)



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 34 2021/11/29 05:59

## In die klaskamer ...



*Beplan jou lesse, aktiwiteite en materiale* volgens verskillende leerstyle sodat dit in die behoeftes van verskillende leerders voorsien:

- Gebruik voorwerpe, prente en gebare om jou woorde te ondersteun sodat leerders wat 'n gehoorprobleem het of wat nie die onderrigtaal praat nie, visueel kan leer.
- Wees bewus van leerders se huistaal, en waar dit van die onderrigtaal verskil, moedig hulle aan om soortgelyke woorde of frases in hul huistaal te identifiseer sodat hulle idees kan verstaan of konsolideer.
- Moedig leerders in talle verskillende praktiese aktiwiteite aan met werklike voorwerpe sodat hulle hul begrip op konkrete maniere kan ontwikkel.
- Gee leerders bykomende ondersteuning en tyd om nuwe vaardighede in te oefen en te bemeester.
- Gee leerders meer tyd om 'n probleem te oordink, aktiwiteite te voltooi en vrae te beantwoord.
- As jy bekommerd is oor 'n leerder, reik uit na 'n kollega om die vlak waarop jy werk te bespreek, om seker te maak jy bied geskikte aktiwiteite en om te bespreek wat jy nog kan doen om alle moontlike geleenthede vir leer en ontwikkeling aan die leerder te bied.

*Maak seker dat jy vertroud is met die nasionale beleid* vir Sifting, Identifisering, Assessering en Ondersteuning (SIAO):

- Onderwysers moet alle leerders sif wanneer hulle tot Graad R toegelaat word en dan hul bevindinge op 'n leerderprofiel aanteken.
- Onderwysers moet 'n Individuele Ondersteuningsplan (IOP) vir enige leerders wat leerhindernisse ervaar, ontwikkel.
- Hierdie inligting behoort met die ouers en/of versorgers gedeel te word sodat hulle bewus is van enige bykomende behoeftes en die ondersteuningsplan vir hul kind.
- Onderwysers moet saam met die Skoolgebaseerde Ondersteuningspan werk om die nodige ondersteuning in lyn net die ondersteuningsplan aan die leerder te bied.
- 'n Leerder sal na die Distriksgebaseerde Ondersteuningspan verwys word indien bykomende ondersteuning vereis word.

*Versoek opleiding en ondersteuning.* Skole moet verseker dat onderwysers voldoende en geskikte hulpbronne het om alle leerders tegemoet te kom, ondanks enige leerhindernisse. Dit sluit in opleiding om leerhindernisse te identifiseer en om in te gryp om leerders met gebruik van diverse onderrigstrategieë te ondersteun; die aanpassing van die kurrikulum volgens leerders se behoeftes; en die bestuur van groot klasse. Onderwysers moet deur opgeleide klaskamerassistente ondersteun word.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 35 2021/11/29 05:59

## 8 Die oefenbeginsel

**Leer word versterk deur nuwe kennis en vaardighede te oefen.**

Struktuur, roetine, oefening en herhaling is belangrik vir jong leerders se leer. Struktuur en roetine help leerders om te weet wat volgende in hul dag gaan gebeur, en verwyder enige angstigheid uit die leerervaring. Herhaling en oefening bied leerders die kans om nuwe leer op die proef te stel en vaardighede in te oefen totdat hulle dit bemeester het. Herhaling en oefening beteken nie om dieselfde ding elke dag te doen nie, maar eerder om nuwe kennis en vaardighede in verskillende kontekste te versterk en te gebruik.

*Herhaling en oefening bied leerders die kans om nuwe leer op die proef te stel en vaardighede in te oefen totdat hulle dit bemeester het.*



### In die klaskamer ...

Dit verg baie oefening en herhaling om te leer om klanke in woorde te hoor en hierdie klanke met lettersimbole in verband te bring. Dit verg tyd en geduld, en in Graad R is daar talle informele geleenthede vir leerders om te oefen om klanke in woorde te hoor.

Fonologiese bewustheidsvaardighede ontwikkel deur daaglikse oefening:

- Kom ons speel "Ek sien met my klein ogie" terwyl ons vir die klok vir pouse wag.
- As jou naam met 'n /**b**/ begin, kan jy voor in die ry staan vir verversings-/snoeptyd.
- Ek dink aan 'n dier wat graag bene eet. Dit begin met die klank /**h**/.

Die oefen van letters beteken nie daaglikse herhaling van dieselfde aktiwiteit nie. Daar is talle aktiwiteite wat die nodige oefening bied, maar steeds pret en boeiend vir jong leerders is:

- Vorm die letter in die lug of in die palm van jou hand.
- Oefen om die letter te vorm deur 'n stuk bordkryt, 'n stok in die sand of 'n verfkwas met water te gebruik.
- Speel speletjies waarin leerders lettersimbole by prente moet pas wat begin met die klank wat die letter maak.
- Maak 'n klein letterboekie deur 'n letter te skryf en dan prente te teken van voorwerpe wat met daardie letter begin.
- Skryf 'n letter met verskillende kleure vetkryte om 'n reënboogletter te maak.
- Maak letters uit speeldeeg.

In 'n storiegebaseerde taalprogram ervaar en oefen leerders die taal van die storie op verskillende maniere deur die daaglikse aktiwiteite wat met die storie verband hou te doen. Elke aktiwiteit is ontwerp om aan leerders prettige en betekenisvolle geleenthede te bied om die storietaal in te oefen en te gebruik. Alhoewel onderwysers dalk bekommerd sal wees dat leerders verveeld sal raak as die aktiwiteite vir twee weke se onderrig op een storie gebaseer is, vertel onderwysers dat leerders gretig is om die storie oor en oor te hoor, en dat herhaling en oefening selfvertroue ontwikkel en leer verdiep.



### In die klaskamer ...

Ons weet dat leerders woorde dikwels en in verskillende kontekste moet hoor om nuwe woordeskat aan te leer en dit hul eie te maak. Leerders verstaan dikwels woorde voordat hulle die selfvertroue het om dit te gebruik, en dit verg tyd en oefening om 'n grondige en blywende kennis van nuwe woordeskat te ontwikkel. Jong leerders hoor dalk nuwe woorde en frases in 'n storie wat deur die onderwyser vertel word, maar moet geleenthede kry om hierdie nuwe woorde en frases in verskillende situasies te gebruik. Leerders word voorsien van die nodige herhaling en oefening wat selfvertroue en bemeestering verseker as 'n storie met opeenvolgende prente oorvertel word, die storie gerolspeel word, hulle hul gunstelingdeel van die storie teken en verduidelik wat hulle geteken het, en 'n klein boekie huis toe neem om die storie vir hul familie te "lees".




Concept Guide_AFRIKAANS.indd 36 2021/11/29 05:59

# Perseptuele en motoriese ontwikkeling

Jong leerders se ontwikkeling van perseptuele en motoriese vaardighede is uiters belangrik om 'n grondslag vir alle toekomstige ontwikkeling en leer te lê. Sensoriese persepsie beteken om die sintuie te gebruik om inligting oor die omgewing te verkry.

Perseptuele vaardighede stel ons in staat om sin te maak van die wêreld om ons. Sensoriese inligting word deur ons vyf sintuie ingesamel, byvoorbeeld wat ons oë sien, ore hoor, vel aanraak, tong proe en neus ruik. Hierdie inligting word na ons brein gestuur. Die brein verwerk, organiseer en onthou hierdie inligting sodat ons dit later vir daaglikse aktiwiteite kan gebruik.




Motoriese vaardighede is aksies wat die gebruik van ons spiere behels. Ons gebruik die groot spiere in ons liggame vir grootmotoriese aktiwiteite, byvoorbeeld om 'n bal te skop, te hardloop en te spring. Ons gebruik kleiner spiere vir fynmotoriese aktiwiteite, byvoorbeeld knip met 'n skêr, skryf en teken.

Sensoriese perseptuele motoriese ontwikkeling sluit die volgende in:


- visuele persepsie
- ouditiewe persepsie
- taktiele en kinestetiese persepsie.

Al drie word in meer besonderhede bespreek op die bladsye wat volg.




Concept Guide_AFRIKAANS.indd 37 2021/11/29 05:59

## Visuele perseptuele vaardighede

| | |
|---|---|
| **Visuele diskriminasie**<br>★ Visuele diskriminasie is die vermoë om ooreenkomste en verskille tussen voorwerpe raak te sien.<br>★ Leerders gebruik en ontwikkel hierdie vaardigheid wanneer hulle twee prente vergelyk en identifiseer wat in een van die prente ontbreek.<br>★ Visuele diskriminasie word ook gebruik wanneer leerders die ooreenkomste en verskille tussen twee letters soos **b** en **d** herken. |  |
| **Visuele motoriese koördinasie (oog–hand-koördinasie)**<br>★ Visuele motoriese koördinasie is die vermoë van die oë, brein en spiere van die liggaam om saam te werk om aksies uit te voer. Dit is belangrik vir aktiwiteite soos die hantering van voorwerpe, teken en skryf.<br>★ Leerders gebruik en ontwikkel visuele motoriese koördinasie deur bal- en boontjiesak-speletjies, bou met blokkies, speel met voorwerpe wat rol of gly, en deur te ryg, te knip en te teken. |  |
| **Visuele sluiting**<br>★ Visuele sluiting is die vermoë om onvolledige voorwerpe, prente of tekeninge te voltooi. Met ander woorde, die leerder kan ’n volledige voorwerp herken, al is die prent nie volledig nie.<br>★ Leerders gebruik en ontwikkel visuele sluiting wanneer hulle legkaarte bou, of beskryf wat in ’n onvolledige prent ontbreek, byvoorbeeld, een wat net ’n deel van ’n gesig of liggaam wys. |  |
| **Vormbehoud (vormkonstantheid) en vormpersepsie (herkenning)**<br>★ Vormbehoud of vormkonstantheid is die vermoë om vorms en simbole te herken selfs al verander hul grootte en posisie. Met ander woorde, dit beteken dat die konstante eienskappe van ’n voorwerp herken word.<br>★ Leerders gebruik en ontwikkel hierdie vaardigheid wanneer hulle letters in verskillende kontekste sien en verstaan dat ’n lettersimbool (byvoorbeeld **j**) dieselfde bly al word dit in verskillende kleure of in ’n klein of groot skrif geskryf. |  |
| **Visuele voorgrond-/agtergrond-persepsie**<br>★ Visuele voorgrond-/agtergrond-persepsie is die vermoë om ’n voorwerp, simbool of vorm te herken of identifiseer wanneer dit deur ander voorwerpe, simbole of vorms omring is.<br>★ Leerders gebruik en ontwikkel visuele voorgrond-/agtergrond-persepsie wanneer hulle gevra word om spesifieke voorwerpe in ’n prent te identifiseer, byvoorbeeld: *“Vind die meisie met die rooi broek in die prent.”* |  |



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 38 2021/11/29 05:59

| | |
|---|---|
| **Visuele volgorde**<br>★ Visuele volgorde is die vermoë om voorwerpe of items in die korrekte volgorde te plaas nadat dit bekyk of waargeneem is.<br>★ Leerders gebruik en ontwikkel hierdie vaardigheid wanneer hulle na die patroon van 'n string krale met verskillende kleure kan kyk en dan self die patroon kan herhaal, of die letters in hul naam in die regte volgorde kan oorskryf. |  |
| **Visuele motoriese integrasie**<br>★ Visuele motoriese integrasie is die vermoë om sin te maak van visuele inligting en dit dan in 'n ander aktiwiteit, wat motoriese vaardighede vereis, te gebruik.<br>★ Leerders gebruik visuele inligting en ontwikkel fynmotoriese vaardighede wanneer hulle byvoorbeeld hul naam oorskryf of voorwerpe teken wat voor hulle neergesit word. |  |
| **Visuele konseptualisering**<br>★ Visuele konseptualisering is die vermoë om prente in jou gedagtes (denkbeelde) te vorm op grond van ervarings, waarnemings en ander visuele inligting.<br>★ Leerders gebruik en ontwikkel hierdie vaardigheid wanneer hulle byvoorbeeld prente van iets soos 'n kamer in hul huis of van hul familie teken. |  |
| **Visuele geheue**<br>★ Visuele geheue is die vermoë van die brein om te herroep wat die oë gesien het.<br>★ Leerders gebruik en ontwikkel hierdie vaardigheid om hoëfrekwensiewoorde te herken. |  |

## In die klaskamer ...

Neem leerders waar terwyl hulle binne en buite met verskillende toerusting speel. Kan hulle die volgende doen?


- Die verskil tussen verskillende klanke en woorde sê.
- Die verskil tussen twee prente of groepe voorwerpe sien.
- Onthou wat hulle gesien en gehoor het.
- 'n Lys woorde of getalle in die regte volgorde herhaal.
- Op verskillende klanke, hul name en instruksies reageer.
- Die verskil tussen glad en grof voel.
- Die verskil tussen soet en suur proe terwyl hulle geblinddoek is.





Concept Guide_AFRIKAANS.indd 39 2021/11/29 05:59

## Ouditiewe perseptuele vaardighede

| | |
|---|---|
| **Ouditiewe diskriminasie**<br>★ Ouditiewe diskriminasie is die vermoë om ooreenkomste en verskille in klanke te herken.<br>★ Leerders gebruik en ontwikkel hierdie vaardigheid wanneer hulle kan identifiseer of twee klanke wat die onderwyser gesê het dieselfde is of verskil (byvoorbeeld: /**p**/ en /**b**/ is verskillende klanke).<br>★ Hulle gebruik ook ouditiewe diskriminasie om die eerste klank in 'n woord te identifiseer (byvoorbeeld: die woord "bal" begin met die klank /**b**/). | Onderwyser: *"Klap wanneer julle 'n woord hoor wat met die klank /**b**/ begin: pap, bal, pos."* |
| **Ouditiewe geheue**<br>★ Ouditiewe geheue is die vermoë om iets wat jy gehoor het, te stoor en te onthou.<br>★ Leerders gebruik en ontwikkel hierdie vaardigheid wanneer hulle 'n stel instruksies volg, liedjies met aksies sing en storietaal in rolspel gebruik. |  |
| **Ouditiewe voorgrond-/agtergrond-persepsie**<br>★ Ouditiewe voorgrond-/agtergrond-persepsie is die vermoë om 'n klank tussen ander klanke te herken of dit van ander klanke te onderskei.<br>★ Leerders leer en ontwikkel hierdie vaardigheid wanneer hulle moet fokus op iets wat iemand in hul groep sê sonder dat hul aandag afgelei word deur die geraas van ander groepe wat praat. |  |
| **Ouditiewe volgorde**<br>★ Ouditiewe volgorde is die vermoë om voorwerpe of items in die korrekte volgorde te onthou nadat 'n lys gehoor is.<br>★ Leerders leer en ontwikkel hierdie vaardigheid wanneer hulle die alfabet (A, B, C …) of die dae van die week (Maandag, Dinsdag, Woensdag …) leer. |   |

### In die klaskamer …



Die kontrolelys van perseptuele vaardighede (sien die GDO-assesseringsgids) is 'n nuttige instrument om leerders te identifiseer wat onderliggende perseptuele probleme ervaar wat waarskynlik 'n impak op hul leer in Graad R sal hê.

Die Aktiwiteitgidse bevat talle aktiwiteite wat gebruik kan word om die ontwikkeling van perseptuele vaardighede te ondersteun. Byvoorbeeld:

- Leerders met probleme met visueel-motoriese integrasie sal dalk sukkel om 'n letter met speeldeeg te vorm of 'n letter op papier te verf. Jy kan probeer om vir hulle 'n letter op 'n stuk karton te gee wat hulle kan oorteken, of 'n templaat waarmee hulle die buitelyn van die letter kan natrek.
- Leerders met ouditiewe perseptuele probleme sal dalk sukkel om die verskil tussen klanke in woorde te hoor. Jy kan hulle vra om jou mond dop te hou terwyl jy die woorde sê, of 'n spieël voor hul mond hou sodat hulle kan sien hoe die klank gevorm word.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 40 2021/11/29 05:59

## Taktiele en kinestetiese perseptuele vaardighede

| | |
|---|---|
| **Taktiele persepsie**<br>★ Taktiele persepsie is die vermoë om die tassintuig te gebruik om die omgewing te verken. Taktiele en kinestetiese persepsie werk saam om inligting aan die brein te verskaf.<br>★ Leerders gebruik en ontwikkel taktiele persepsie wanneer hulle aan aktiwiteite deelneem soos om hul oë toe te maak, 'n voorwerp uit 'n sakkie te kies, daaraan te voel en dit dan te beskryf. Byvoorbeeld, hulle kan sê dat die voorwerp hoeke het of rond is, of dat dit sag of hard is. |  |
| **Kinestetiese persepsie**<br>★ Kinestetiese persepsie is die bewustheid van liggaamsbewegings en -posisie/plek in ruimte.<br>★ Leerders gebruik en ontwikkel 'n bewustheid van hul liggaam in verhouding tot ander voorwerpe om hulle deur buitespel, soos om oor en onderdeur voorwerpe te klim en deur tonnels te kruip.<br>★ Kinestetiese persepsie word ook ontwikkel wanneer leerders aan aksierympies en -liedjies deelneem wat help om hul bewustheid van hul liggaamsbewegings en -posisie in ruimte te ontwikkel (byvoorbeeld: die liedjie, "Kop, skouers, knieë en tone"). |  |
| **Posisie in ruimte (ruimtelike bewustheid) en rigting**<br>★ Posisie in ruimte is die vermoë om 'n voorwerp se posisie in ruimte in verhouding tot jouself of 'n ander voorwerp waar te neem. Ruimtelike bewustheid begin met bewustheid van jou eie liggaam in ruimte, en brei dan uit na die vermoë om die posisie van voorwerpe in verhouding tot mekaar te beskryf (byvoorbeeld: op, af, voor, agter, tussen, links, regs).<br>★ Leerders leer en ontwikkel hierdie vaardigheid wanneer hulle leer om van links na regs op die bladsy te lees en te skryf.<br>★ Ruimtelike bewustheid sal leerders ook help om verskille tussen letters wat dieselfde lyk, maar 'n ander oriëntasie het, te herken (byvoorbeeld: **b**, **d**, **p**). |  |



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 41 2021/11/29 05:59

# Afdeling 3: Die onderrig van taal en ontluikende geletterdheid in Graad R

## Luister en praat (mondelinge taal)

Hoe leer ons kinders om te lees en skryf? Baie mense sal antwoord dat kinders se geletterdheid ontwikkel deur die lees van boeke, deur te oefen om te skryf en deur van letters en klanke te leer. Dit is alles belangrike aspekte van geletterdheid. Maar, om vaardige lesers en skrywers te kan word, is dit *net so belangrik* dat leerders ondersteun word in die ontwikkeling van hul mondelinge taal – hul luister- en praatvaardighede. Sonder goeie mondelinge taalvaardighede kan jong leerders baie sukkel om te leer lees en skryf. Sonder 'n stewige grondslag in taalvaardighede kan leerders dalk leer om woorde te lees, maar hulle sal nie *verstaan* wat hulle lees nie. Hulle sal dalk woorde kan skryf, maar sal nie hul idees op skrif kan uitdruk nie. Daarom is daar in hierdie program 'n sterk klem op die ontwikkeling van luister- en praatvaardighede in die hele tweeweek-siklus, maar veral in die eerste week.

Kom ons kyk in meer besonderhede na twee belangrike aspekte van mondelinge taalontwikkeling wat deur die program ondersteun word: die ontwikkeling van nuwe woordeskat en boektaal.

### Nuwe woordeskat

'n Ryk en breë woordeskat is die sleutel tot geletterdheidsontwikkeling (Scarborough, 2001).

Deur na gesproke taal te luister en later self te praat, ontwikkel leerders kennis van woorde se betekenisse (wat ons woordeskat noem). Studies toon dat jong leerders wat 'n goeie woordeskat op vyfjarige ouderdom het, waarskynlik goed sal vaar met leesbegripstoetse in Graad 3, 4 en selfs 7 (Sénéchal, Ouellette & Rodney, 2006; Tabors, Snow & Dickinson, 2001). Aan die ander kant sal leerders wat met 'n beperkte woordeskat begin skoolgaan, en wat dalk leer om maklike tekste te lees, sukkel om te verstaan wat hulle lees wanneer hulle moeilike tekste moet lees.

*Walker, Greenwood, Hart & Carta (1994) het gevind dat leerders met swak taal- en woordeskatvaardighede in die vroeë jare, die swakste presteerders in lees- en verwante geletterdheidsvaardighede sewe jaar later was.*

Om hul begrip van nuwe woorde en die gebruik van hierdie woorde te ontwikkel, moet leerders die woorde talle kere in verskillende situasies teëkom. Woorde word nie in afsondering geleer nie, maar word vir leerders werklik en betekenisvol gemaak in die konteks van 'n storie of tema en deur deelname aan 'n gesprek of 'n aktiwiteit.

*Die tematiese aanbieding van woordeskat help leerders om verbande tussen woorde te tref en steier hul leer (McGee & Richgels, 2003). Leer word bevorder deur 'n geleentheid om die woorde van 'n tema of storie te gebruik (Barone & Xu, 2008; Tabors, 2008).*

### Boektaal

Alhoewel kennis van woorde se betekenisse belangrik is om taal te verstaan, is daar gevind dat 'n ander taalvaardigheid ook baie belangrik is vir geletterdheidsontwikkeling. Wanneer jong kinders begin praat, gebruik hulle taal op 'n konkrete manier – om te kommunikeer oor iets wat op daardie oomblik in hul onmiddellike omgewing gebeur. Hulle benoem byvoorbeeld voorwerpe wat hulle sien, of beskryf aksies of aktiwiteite wat plaasvind. Hulle verduidelik dikwels wat hulle bedoel deur na dinge in die omgewing te wys, of deur gebare of gesigsuitdrukkings. Dit staan bekend as alledaagse taal en is die taal wat die meeste van ons in ons daaglikse lewe gebruik.

Namate leerders se taal ontwikkel, leer hulle egter om taal te gebruik om oor meer abstrakte dinge te praat. Hulle leer om oor dinge te praat wat in die verlede gebeur het of oor dinge wat vir die toekoms beplan word. Hulle ontwikkel die vaardighede om te verduidelik hoekom dinge gebeur het en om oor gevoelens en gedagtes te praat. Hulle leer om taal in voorgee-spelsituasies te gebruik, waar party dinge ander dinge voorstel, en hulle leer om stories te vertel oor dinge wat in hul lewens gebeur het. Hierdie taal is meer gevorderd as alledaagse taal en is soortgelyk aan geskrewe of boektaal waarmee leerders op skool te doen sal kry wanneer hulle boeke lees en wanneer hulle skryf. Daar is bewys dat gemak met hierdie soort taal, uiters belangrik is vir geletterdheid en akademiese sukses (Dickinson & Snow, 1987; Snow, Burns en Griffin, 1998).




Concept Guide_AFRIKAANS.indd 42 2021/11/29 05:59

## Aktiwiteite om nuwe woordeskat en boektaal te ontwikkel

**Luister na stories**

Een manier om leerders te help om vertroud te raak met die taal van boeke is deur mondelinge storievertelling. Navorsing toon 'n verband tussen luister na en interaksie met stories, en die bereiking van geletterdheidsvaardigheid. Dit is asof storievertelling help om die gaping tussen gesproke en geskrewe taal te oorbrug. Volgens Wells (1987) is die hoor van stories die belangrikste van al die interaksies wat tot leerders se geletterdheid bydra. Wanneer leerders stories hoor, word hulle aan 'n spesifieke soort mondelinge taal blootgestel wat verskil van die taal wat hulle in alledaagse spraak gebruik. Dit is 'n taal wat verder as die onmiddellike strek en waarin woorde gebruik word wat inligting oordra oor dinge wat op 'n ander tyd en plek plaasvind. Dit is noodsaaklik vir skoolleer.



Daar is bewys dat interaktiewe storievertelling 'n doeltreffende manier is om woordeskat en taalbegrip te ontwikkel, veral wanneer dit klem op 'n voorskou van woordeskat, die gebruik van rekwisiete verbonde aan teikenwoordeskat, interaktiewe gesprekke oor woordeskat in die stories en die inoefening van nuwe woordeskat in kleingroep-aktiwiteite insluit.

### In die klaskamer ...



Sê die rympie *Twee oë om te sien* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens: Gesels oor hulle ouderdom, of hulle broers of susters het, waar hulle woon, hoe hulle by die skool kom, wat hulle skool toe aantrek.

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Byvoorbeeld: Trek 'n bekommerde gesig en vra die leerders om vir jou te wys hoe hulle lyk wanneer hulle bekommerd is. Vra hulle om die woord in hulle eie taal te sê as hulle 'n ander huistaal het.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme.

2.2 Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.3 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Ek wonder hoe Zinzi gevoel het toe hulle op pad was skool toe?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie?"*





Concept Guide_AFRIKAANS.indd 43 2021/11/29 05:59

## Storievertelling

Leerders leer deur stories te hoor en te vertel. Dit is 'n maklike en natuurlike manier om taal te ontwikkel en leerders op boektaal voor te berei. Stories kan tradisionele verhale wees, of dit kan skool- of familiestories wees oor gebeure wat lank gelede of onlangs gebeur het. Jong leerders is lief daarvoor om aan storievertelling deel te neem en namate hul taal ontwikkel, sal hulle dit geniet om hul eie stories vir onderwysers en versorgers te vertel wat belangstel in dít wat hulle sê en vir hulle wys dat dit belangrik is. As kinders leer om goeie stories te vertel wanneer hulle nog jonk is, sal dit vir hulle makliker wees om goeie stories te skryf wanneer hulle ouer is.

Deur die vertel of oorvertel van 'n storie, of deur van 'n vorige ervaring te vertel, leer leerders dat hulle die karakters wat by die storie betrokke is, moet beskryf en 'n konteks aan hul storie moet gee (beskryf waar en wanneer dit plaasgevind het). Hulle leer dat hul storie 'n spesifieke volgorde van gebeure moet volg om sin te maak.

Wanneer leerders prente in volgorde plaas om 'n storie te vorm, gebruik hulle hul vermoë om te voorspel, verbande te tref en te verstaan. Dit is alles belangrike vaardighede vir leesbegrip. Die vertel van 'n storie in die regte volgorde is 'n baie belangrike vaardigheid en iets waarmee jong leerders soms sukkel, daarom moet hulle talle geleenthede gegee word om hierdie vaardigheid in te oefen. Wanneer leerders verstaan dat stories uit opeenvolgende gebeure bestaan, kan hulle hul eie stories beplan sodat dit 'n begin, 'n middel en 'n einde het. Dit sal hul ontwikkeling as skrywers ondersteun.

*Die mondelinge narratiewe oor gebeure, wat kleuterskoolleerders leer vertel, is soortgelyk aan die tekste wat leerders op skool leer lees. Om hierdie rede help die leer en gebruik van narratiewe, leerders om verwagtinge te vorm van die manier waarop geskrewe tekste georganiseer word. (Peterson, 2006: 2)*



### In die klaskamer ...

In die eerste week van die siklus, nadat die storie vir die leerders vertel en weer vertel is, en nadat hulle aan die sing en vertolking van die storie deelgeneem het, kry hulle 'n geleentheid om goed na te dink oor die gebeure en om dit in die regte volgorde te plaas.

**Die gebruik van prente om die gebeure in 'n storie in volgorde te plaas**

1. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op.
2. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent. Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:
   - *"Wie sien jy?"* (karakters)
   - *"Wat doen hy/sy?"* (werkwoorde en aksies)
   - *"Wat sien jy nog?"* (kyk weer)
   - *"Waar is die …?"* (benoem plekke/posisie)
   - *"Hoekom dink jy …?"* (kreatiewe denke, lug menings)



3. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
4. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
5. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
6. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
7. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 44 2021/11/29 05:59

### Vertolking van stories

Wanneer leerders aan dramatiese soorte spel deelneem, boots hulle woorde na wat hulle ander hoor sê het, wat help om woordeskat en taalvaardighede te versterk. Hulle vertolk verskillende karakters in die storie, wat hulle help om die gebeure vanuit verskillende oogpunte te sien. Hulle moet die volgorde van gebeure volg om op die regte plek in die storie aan die rolspel deel te neem.



## In die klaskamer ...

**Storievertelling en rolspel**

1. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
2. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
3. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
4. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
5. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

Voorgee-spel bied ook vir leerders geleenthede om taal te gebruik wat van alledaagse spraak verskil. 'n Spesifieke soort taal word in voorgee-spel gebruik, waar leerders oor rolle en intrige moet onderhandel en vir hul speelmaats moet verduidelik wat hulle doen en dink. Voorgee-spel ontwikkel leerders se vermoë om taal te verstaan en te gebruik wat verder as die onmiddellike, hul eie persoonlike ervarings en die regte wêreld strek. In voorgee-spel leer leerders ook van voorstelling – dat een ding iets anders kan voorstel (byvoorbeeld 'n houtblokkie kan 'n selfoon in die speletjie voorstel). As hulle hierdie ingewikkelde konsep verstaan, sal hulle ook verstaan dat die skrif op 'n bladsy die woorde wat ons sê, voorstel.

### Interaktiewe storieboeklees

Baie kinders in Suid-Afrika begin skoolgaan sonder dat hulle ooit die vreugde ervaar het van 'n boek wat vir hulle voorgelees is. Hul reis met boeke begin moontlik eers in Graad R en ons moet dus verseker dat hulle stories hoor wat vir blote genot vir hulle voorgelees word. Dit is 'n tyd wanneer stories met ryk taal en pragtige illustrasies aan leerders voorgelees word, met geen verwagtinge of aktiwiteite wat daarop volg nie. Leerders moet werklik die onmiddellike ervaring geniet – om hulle in 'n wonderlike storie in te leef en die betowering van boeke te ervaar. Die doel is nie om 'n boek te gebruik om te onderrig nie, maar eerder om 'n warm en aanloklike ruimte te skep waarin die wonder van boeke deur jou en die leerders gedeel word.

Stories help nie net om 'n liefde vir boeke te kweek nie, maar bied ook 'n ideale platform vir die ontwikkeling van mondelinge taal deur oor dinge in die boek en dinge wat nie in die boek is nie te gesels. Boeke kan lei tot gesprekke oor ervarings of voorspellings oor die toekoms. Afleidings kan ook gemaak word oor dinge wat nie in die teks of illustrasies verskyn nie. Lees kan lei tot vrae oor die storie en die prente, wat oop vrae soos: *"Ek wonder of …?"*, *"Wat as …?"*, *"Hoekom dink julle …?"* kan insluit. Hierdie oop vrae moedig leerders aan om hul eie idees uit te druk en gesprekke te inisieer. Een manier waarop leerders gehelp kan word om aan hierdie soort gesprekke deel te neem, is deur gunstelingboeke herhaaldelik te lees, want studies toon dat leerders in die algemeen later meer sal deelneem wanneer dieselfde teks weer gelees word, wat meer spekulasie en interpretasie kan behels (DeTemple, 2001).



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 45 2021/11/29 05:59

# Lees en skryf

Kinders leer nie oornag lees en skryf nie; dit is 'n proses wat jare neem. Wanneer ons die term "ontluikende lees en skryf" gebruik, bedoel ons dat die proses om te leer lees en skryf vroeg in kinders se lewens plaasvind, eerder as eers in Graad 1 wanneer formele leesonderrig begin. Kinders hoef nie vir leeslesse te wag om die betowering van gedrukte woorde te ervaar en te leer hoekom ons lees en skryf nie!

## Ontluikende lees



*Onderwyser demonstreer die leesproses.*

Alhoewel leerders sal leer hoe boeke werk wanneer hulle vir genot lees, kan onderwysers ook die leesproses demonstreer deur Groot Boeke, plakkate en tekste in hul omgewing te lees. Tydens hierdie gedeelde leesaktiwiteite sal jong leerders begin verstaan hoe die leesproses werk wanneer ons "hardop dink" en oor ons denkprosesse en -strategieë gesels. Ons kan in die daaglikse program vir Graad R vir leerders geleenthede skep om drukwerk in hul omgewing te lees en met skryf te eksperimenteer. Hoe meer jy leerders se ontluikende lees aanmoedig, hoe meer sal hulle in drukwerk in hul omgewing belangstel.

Wanneer leerders volwassenes sien lees en skryf, leer hulle dat die merke wat hulle op papier maak, 'n boodskap oordra en betekenis het. Hulle begin die doel van drukwerk verstaan en dit motiveer hulle om self te wil lees en skryf.



### In die klaskamer …

Wanneer jy die Groot Boek saam met leerders lees, sal hulle sien hoe woorde op 'n bladsy verband hou met die woorde wat jy sê. Die storie in die Groot Boek is 'n vereenvoudigde weergawe, dus sal die leerders selfvertroue hê om dit self te probeer "lees". Dit bied hulle die ervaring om 'n leser te wees – selfs al sê hulle net die woorde in die boek uit hul kop op.

**Gedeelde lees – Groot Boek**

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".

Deur waar te neem hoe volwassenes in hul lewe lees, begin leerders meer aktiewe deelnemers aan die lees van boeke word, selfs al lees hulle nog nie akkuraat nie en "lees" uit hul kop of maak stories op wat by prente pas. Ons noem dit ontluikende lees. Jong leerders wat geen kennis van skrif as 'n alfabetiese stelsel het nie "lees" in die algemeen deur 'n storie op te maak of op te sê om by die prente in 'n boek te pas. Hulle wys dalk aanvanklik na die prente terwyl hulle "lees", maar geleidelik begin hulle besef dat 'n mens gedrukte woorde lees. Hulle begryp egter moontlik steeds nie wat 'n woord is nie, en sal gewoonlik na 'n sin wys en 'n enkele woord sê, of na 'n woord wys en 'n volle sin sê.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 46 2021/11/29 05:59



In hierdie fase is leerders baie afhanklik van konteks wanneer hulle drukwerk in hul omgewing lees, soos kleurleidrade om te onthou dat ’n straatteken “Stop” sê of deur “KFC” te lees omdat hulle die logo herken. Hulle verstaan nog nie dat letters in geskrewe woorde verband hou met klanke in gesproke taal nie, en beskou lees as die onthou van ’n visuele volgorde van letters deur gebruik te maak van die leidrade wat die nuttigste is, soos woordlengte en -vorm en die vorms van letters.

## Ontluikende skryf

Net soos leerders kan leer hoe lees werk deur hul onderwyser dop te hou en te luister hoe sy “hardop dink” terwyl sy lees, demonstreer onderwysers die skryfproses vir Graad R-leerders deur gedeelde skryfaktiwiteite. Hierdie tekste word saam deur onderwysers en hul leerders geskep en dit is ’n belangrike oomblik wanneer leerders begin om hul eie idees en gesproke woorde op skrif te sien! Tekste wat saam geskryf word, is ideaal vir gedeelde lees, want die teks bevat idees, woorde en frases waarmee die leerders vertroud is – hulle is baie trots daarop om hul eie woorde te “lees”. Nadat jy ’n stuk teks met leerders se insette geskryf het, is dit ’n goeie idee om die teks weer saam deur te lees terwyl jy na elke woord wys sodat leerders begin oplet hoe ons spraak uit verskillende woorde bestaan, met spasies tussen die woorde.

Alhoewel Graad R-leerders van skryf kan leer deur te kyk hoe hul onderwyser skryf, sal hulle nog sukkel om selfstandig te skryf. Die eerste manier waarop hulle hul idees en gedagtes op papier sal uitdruk, sal wees deur te teken. Voordat die meeste leerders leer lees en skryf, is hulle vertroud met teken as ’n manier om dinge voor te stel. Tekeninge toon ooreenstemming met die dinge wat hulle voorstel. Die probleem met skryf is egter dat woorde glad nie verband hou met hoe dinge lyk nie, en leerders moet leer dat geskrewe woorde verband hou met hoe ons dinge sê, en nie met die dinge self nie. Studies toon dat talle jong leerders deur ’n fase gaan waarin hulle dink dat geskrewe woorde verband hou met hoe dinge lyk, en dat ’n groot ding voorgestel moet word deur ’n lang woord en ’n klein ding deur ’n kort woord (Ferreiro & Teberosky, 1982). Jong leerders se eerste skryfpogings lyk dalk nie soos volwassenes se skryfwerk nie, maar hulle word skrywers wanneer hulle probeer om hul idees op papier te kommunikeer en vir ’n doel te skryf. Ons gebruik die term “ontluikende skryf” om leerders se merke en skryfwerk te beskryf wat hulle doen voordat hulle leer om op ’n konvensionele manier te skryf.





*Onderwysers demonstreer die skryfproses.*



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 47 2021/11/29 05:59





1. Krabbels (begin op enige plek op die bladsy)



2. Krabbles (begin van links na regs skryf)




3. Kamma-letters





4. Reeks letters (links na regs)





5. Groepe letters met spasies tussenin om woorde voor te stel




6. Nabootsing van teks in die omgewing




7. Gebruik die eerste letter van 'n woord om 'n woord voor te stel




8. Gebruik meer as een letter om 'n woord voor te stel




9. Gebruik versinde spelling en skryf woorde met eerste, middleste en laaste letters

In hierdie fase van hul geletterdheidsontwikkeling is leerders soms gretig om te sien hoe dinge geskryf word en vra dikwels 'n volwassene in die omtrek om iets "neer te skryf". Dit is 'n belangrike deel van skryfontwikkeling, want selfs al doen hulle nie fisies self die skryfwerk nie, leer hulle belangrike dinge oor geskrewe taal: dat gesproke taal neergeskryf kan word, en dat elke gesproke woord ooreenstem met 'n geskrewe woord. Hulle ontwikkel ook selfvertroue om hulself uit te druk en 'n boodskap deur spraak en skrif te kommunikeer. Wanneer leerders aanvanklik self "skryf", gebruik hulle gewoonlik krabbels, merke en 'n mengsel van getalle en letters.



## In die klaskamer ...

**Teken en ontluikende skryf**

1. Vra leerders of hulle 'n prent van hulself in hul skoolklere of in hul gunstelingklere wil teken.
2. Lewer kommentaar of vra die leerders om jou van hul tekening te vertel.
3. Vra die leerders of hulle graag iets oor hul prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.
4. Dink hardop terwyl jy die leerder se sin skryf: *"Ek … dra … graag … my … blou … broek … en … rooi … hoed."* As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, betrek hulle deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf.
5. Skryf woord vir woord neer wat die leerder vir jou voorsê. Onthou om netjies en duidelik te skryf.
6. Moedig die leerder aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hul pogings.



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 48 2021/11/29 05:59

Krabbel of die skryf van lukrake letters en simbole is 'n belangrike ontwikkelingstap. Dit is egter die volgende fase van skryfontwikkeling wat werklik toon dat 'n leerder die eerste treë na geletterdheid geneem het. Kyk na hierdie skryfvoorbeeld ('n inkopielys deur 'n leerder geskryf wat pas begin skoolgaan het). Alhoewel die woorde nie op 'n konvensionele manier gespel is nie, is hulle betekenisvolle pogings om die klanke in woorde voor te stel. Hierdie soort "versinde spelling" of ontluikende skryf is 'n goeie teken dat die leerder klanke in woorde hoor, 'n mate van letter–klank-kennis het en weet dat geskrewe taal iets te doen het met die klanke in gesproke woorde. Die leerder begin ontdek hoe die stelsel werk.




Navorsers het in talle studies van voorskoolse leerders in ontwikkelde lande gevind dat jong leerders deur 'n fase van "versinde spelling" gaan. Versinde spelling beteken dat leerders eksperimenteer met die voorstelling van klanke in woorde. Studies toon dat leerders in kontekste van erge armoede minder geneig is om 'n fase van versinde spelling te ervaar. Studies toon ook 'n verband tussen versinde spelling en lees. Bryant en Bradley (1980) het gevind dat die vermoë om woorde te skryf soos wat hulle klink, leerders se vermoë om te lees voorafgaan, wat aan die hand doen dat alfabetiese begrip moontlik teenwoordig is in leerders se skrywery voordat dit teenwoordig is in hul lees. Mann, Tobin en Wilson (1987) het gevind dat versinde spelling 'n voorspeller van latere leesvermoë is, wat die belang van leerders se ontwikkelende vermoë om klanke in woorde voor te stel, bevestig.

## Letters en klanke

Wanneer leerders begin om letters te gebruik om klanke voor te stel in woorde wat hulle skryf, sal hulle waarskynlik ook begin om aandag te skenk aan letters wanneer hulle lees. Dit bevoordeel hulle bo leerders wat geen letters ken nie en woorde slegs met behulp van visuele leidrade aanleer. Party onderwysers het die siening dat leerders aanvanklik woorde deur sig aanleer en eers later begin om letterkennis te gebruik wanneer hulle woorde dekodeer of klank. Navorsers betwis die idee dat leerders aanvanklik woorde leer lees deur die vorm van woorde of ander visuele kenmerke te memoriseer – hulle voer aan dat die letter–klank-verwantskap 'n rol speel in die vroegste fases van geletterdheidsontwikkeling (Dixon, Stuart & Masterson, 2002; Ehri, 1998).

Wanneer leerders vertroud is met letters en die klanke wat hulle maak, sal hulle fonetiese leidrade kan gebruik om uit te werk wat woorde sê. Hierteenoor beteken 'n visuele leerstrategie dat ontluikende lesers aanvanklik afhanklik is daarvan dat iemand vir hulle voorsê wat 'n woord is – hulle kan glad nie self uitwerk wat die woord kan wees nie. Lesers wat visuele leidrade gebruik, moet ook arbitrêre verbande onthou.





Concept Guide_AFRIKAANS.indd 49 2021/11/29 05:59



## In die klaskamer …

Afrikaans is 'n alfabetiese skryfstelsel waar letters ooreenstem met die klanke in woorde. Om 'n vaardige leser te word en woorde te kan skryf, moet leerders leer hoe om hierdie alfabetiese stelsel te gebruik. Dit verg tyd om van letters en die klanke wat hulle maak, te leer, en dit is belangrik dat Graad R-klaskamers talle geleenthede vir leerders bied om van letters en die klanke wat hulle maak, te leer deur al hul sintuie te gebruik.

### Luister vir klanke

1 Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"meisie, ma, môre, merke, meneer. Kan julle die fokusklank hoor?* ***m****eisie,* ***m****a,* ***m****ôre,* ***m****erke,* ***m****eneer. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /****m****/."*

2 *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /****m****/ begin: man, mes, muis, mat, maan, mielie."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

### Sê die klanke

1 Sê die klank /**m**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

2 Vra die leerders om die klank /**m**/ te sê: **"mmmm"**. Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar.

3 Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan hulle magies vryf en **"mmmm"** sê.

### Dink aan woorde wat met die klank begin

1 Vra of iemand se naam met /**m**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**m**/ begin.

### Vorm die letter

1 Vra of hulle weet hoe om 'n letter te skryf wat die klank /**m**/ maak.

2 Wys vir die leerders hoe om die letter **m** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, gaan af en op, om en af, op en om en af."*

3 Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.

### Koppel die letter aan die alfabetkaart

1 As jy 'n alfabetkaart in jou klas het, kan jy vir die leerders die letter **m** op die kaart wys. Verduidelik dat hierdie letter ook 'n naam het: "em". Dit sal hulle help om die klanke wat hulle leer aan die settername en die alfabetliedjie te koppel.

Om vaardige lesers te word, moet leerders die alfabetiese beginsel verstaan – dat daar 'n skakel is tussen die letters wat hulle op 'n bladsy sien en die klanke wat hulle in woorde hoor. Alhoewel dit vir volwasse lesers voor die hand liggend is, is dit 'n groot stap vir jong leerders, veral omdat hulle eers moet leer om die verskillende klanke in woorde te hoor. Jong leerders gebruik en verstaan dikwels baie woorde, maar is nog nie bewus van die klanke waaruit hierdie woorde bestaan nie. Hulle weet dalk 'n skoenlapper is 'n pragtige insek, maar ken dalk nog nie die klanke waaruit hierdie woord bestaan nie. Die woord **skoenlapper** bestaan byvoorbeeld uit drie dele (wat ons **lettergrepe** noem): **skoen | lap | per**. Die woord **skoenlapper** begin met 'n /**s**/-klank. Ander woorde begin ook met hierdie klank (soos: **s**ak, **s**and, **s**okkie, **s**ambreel). Die bewustheid van die klanke in 'n woord, eerder as die betekenis van die woord, word **fonologiese bewustheid** genoem. Fonologiese bewustheidsaktiwiteite verg nie 'n fokus op letters nie – die meeste kan met toe oë gedoen word!

**Woordelys**

**lettergreep**

'n woord of woorddeel met een vokaalklank

**fonologiese bewustheid**

die bewustheid van die klanke in 'n woord, eerder as die betekenis van die woord



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 50 2021/11/29 05:59

Fonologiese bewustheid is nie dieselfde as fonetiek nie:

- fonologiese bewustheid = die vermoë om klanke in woorde te hoor en dit lê die grondslag vir fonetiek
- fonetiek = om te weet hoe spesifieke geskrewe letters met spesifieke gesproke klanke verband hou.

Fonologiese bewustheid en letter–klank-kennis tel onder die beste voorspellers dat leerders suksesvol sal leer lees. Dit is selfs beter voorspellers as IK! Dit beteken dat jong leerders met goeie fonologiese bewustheid en letter–klank-kennis 'n groter kans het om suksesvol te leer lees.

**Woordelys**

**verdeling**

breek woorde in dele op



## In die klaskamer ...

Daar is verskillende vlakke van fonologiese bewustheid. Hierdie tabel lys verskillende fonologiese bewustheidsvaardighede en gee voorbeelde van aktiwiteite wat gebruik kan word om dit te onderrig, te oefen en te assesseer.

| Fonologiese bewustheidsaktiwiteit | Voorbeelde |
|---|---|
| **1** Stel vas of klanke dieselfde is. | ★ Is hierdie klanke dieselfde of verskillend: /**p**/, /**p**/? (dieselfde); /**p**/, /**d**/? (verskillend)<br>★ Begin hierdie woorde met dieselfde klank: **son**, **see**? (ja) |
| **2** Identifiseer rymwoorde in rympies en liedjies. | ★ Byvoorbeeld: Hompie Kedompie sit op die **wal**, Hompie Kedompie het **afgeval**. |
| **3** Hoor die beginklank of fokusklank in woorde. | ★ Watter klank hoor julle aan die begin van die woord **tafel**? (/t/)<br>★ Wat is die fokusklank in hierdie woorde: m**a**t, p**a**n, k**a**t, v**a**l? (/a/) |
| **4** Hoor die eindklank of lettergrepe in woorde. | ★ Watter klank hoor julle aan die einde van die woord **bus**? (/s/) |
| **5** Kombineer dele van woorde om die volle woord op te maak (samesmelting). | ★ Watter woord kry jy wanneer jy hierdie lettergrepe saamsmelt: **te \| le \| foon**? (telefoon)<br>★ Watter woord kry jy wanneer jy hierdie klanke saamsmelt: **k-a-t**? (kat) |
| **6** Breek woorde in dele op (**verdeling**). | ★ Verdeel hierdie woord in lettergrepe: **olifant**. (o \| li \| fant)<br>★ Hoeveel lettergroepe hoor jy in die woord olifant: **o \| li \| fant**? (drie lettergrepe)<br>★ Sê die klanke wat jy in die woord **dop** hoor. (d-o-p) |
| **7** Weglating of byvoeging van woorddele. | ★ Sê **Sondag**. Sê dit nou weer, maar sonder **son**. (dag)<br>★ Sê **wys**. Sê dit nou weer, maar sonder /**w**/. (ys)<br>★ Sê **op**. Voeg nou 'n /**k**/ aan die begin van die woord by. (kop) |
| **8** Vervanging van woorddele. | ★ Sê **sak**. Laat nou die /**s**/ weg en voeg /**t**/ in die plek daarvan by. Wat is die nuwe woord? (tak)<br>★ Sê **man**. Sê dit nou weer, maar sê /**p**/ in plaas van /**m**/. (pan) |



Concept Guide_AFRIKAANS.indd 51 2021/11/29 05:59

# ★ Bronnelys en bykomende leesstof


- Barone, D., & Xu, S. H. (2008). *Literacy instruction for English language learners Pre-K-2*. New York: The Guilford Press.
- Bryant, P., & Bradley, L. (1980). Why children sometimes write words which they do not read. In U. Frith (Ed.), *Cognitive processes in spelling* (pp. 355-370). New York: Academic Press.
- Department of Basic Education. (2001). Special Needs Education: Building an Inclusive Education and Training System. Education White Paper 6. Pretoria: Department of Basic Education.
- Department of Basic Education. (2011). National Curriculum Statement (NCS). Curriculum and Assessment Policy Statement. Foundation Phase Grades R-3. Pretoria: Department of Basic Education.
- DeTemple, J. M. (2001). Parents and children reading books together. In D.K. Dickinson, & P.O. Tabors (Eds.), *Beginning literacy with language: Young children learning at home and at school* (pp 31-51). Maryland: Paul H Brookes Publishing Company.
- Dickinson, D. K., & Snow, C. E. (1987). Interrelationships among prereading and oral language skills in kindergartners from two social classes. *Early Childhood Research Quarterly,* 2(1), 1–25.
- Dixon, M., Stuart, M., & Masterson, J. (2002). The relationship between phonological awareness and the development of orthographic representations. *Reading & Writing: An Interdisciplinary Journal,* 15, 295-316.
- Ehri, L. (1998). Grapheme-phoneme knowledge is essential for learning to read words in English. In J. Metsala & L. Ehri (Eds.), *Word recognition in beginning literacy* (pp 3-40). Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.
- Ferreiro, E., & Teberosky, A. (1982). *Literacy before schooling*. Portsmouth, NH: Heinemann.
- Gauteng Department of Education. (2019). Assessment Practices in Grade R: Resource Pack.
- Justice, L.M. (2004). Creating Language-Rich Preschool Classroom Environments. *Teaching Exceptional Children*, 36-44.
- Kamii, C. & Manning, M. (1999). Before 'invented' spelling: Kindergartners' awareness that writing is related to the sounds of speech. *Journal of Research in Childhood Education,* 14(1), 16-25.
- Mann, V., Tobin, P., & Wilson, R. (1987). Measuring phoneme awareness through invented spellings of kindergarten children. *Merrill-Palmer Quarterly,* 33, 365-391.
- McGee, L.M. & Richgels, D.J. (2003). *Literacy's Beginnings: Supporting Young Readers and Writers*. 6th ed. Boston: Pearson.
- Peterson, S.S. (2006). Conceptualizations of writing in early years curricula and standards documents: international perspectives. *The Curriculum Journal,* 499–521.
- Roskos, K.A., Christie, J.F., Richgels, D.J. (2003). The Essentials of Early Literacy Instruction. National Association for the Education of Young Children. www.naeyc.org/resources/journal.
- Scarborough, H. S. (2001). Connecting early language and literacy to later reading (dis)abilities: Evidence, theory, and practice. In S. Neuman & D. Dickinson (Eds.), *Handbook of Early Literacy Research,* Vol. 1 (pp. 97–110). New York, NY: Guilford Press.




Concept Guide_AFRIKAANS.indd 52 2021/11/29 05:59

- Sénéchal, M., Ouellette, G., & Rodney, D. (2006). The misunderstood giant: On the predictive role of early vocabulary in future reading. In D. Dickinson & S. Neuman (Eds.), *Handbook of Early Literacy Research,* Vol. 2 (pp 173-184). New York, NY: Guilford Press.
- Snow, C.E., Burns, M.S. & Griffin, P. (Eds). (1998). *Preventing reading difficulties in young children.* Washington, DC: National Academy Press. www.nap.edu.catalog/6023.html
- Tabors, P. O. (2008). *One child, two languages: A guide for early childhood educators of children learning English as a second language.* 2nd ed. Baltimore: Paul H. Brookes Publishing Co.
- Tabors, P., Snow, C., & Dickinson, D. (2001). Homes and schools together: Supporting language and literacy development. In D. Dickinson & P. Tabors (Eds.), *Beginning literacy with language: Young children learning at home and at school.* Maryland: Paul H Brookes Publishing Company.
- Teale, W. H. & Sulzby, E. (1986). *Emergent literacy: writing and reading.* Norwood, N.J.: Ablex.
- Walker, D., Greenwood, C., Hart, B., & Carta, J. (1994). Prediction of School Outcomes Based on Early Language Production and Socioeconomic Factors. *Child Development,* 65(2), 606-621.
- Wells, G. (1985). *Language development in the pre-school years.* New York: Cambridge University Press.

# Notas

# ★ Notas